

D I E O O R L O G

T E E N

M A G A T O (M'PEFU) 1898.

deur

J A C O B U S I G N A T I U S R A D E M E Y E R.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming  
van die vereistes

vir die Graad van

M. A.

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA.

NOVEMBER 1943.

© University of Pretoria

T. N. H. O. U. D.

- LYS VAN GERAADPELEGDE WERKE ..... i - IV.
- HOOFSTUK I : VOORGESKIEDENIS VAN DIE BAWENDA .... 1 - 6.
- Die Bawenda vestig hulleself in die Soutpansberge - Opvolging van verskeie opperhoofde - Aanval op die Bawenda deur Bapedi's, Swasies en Zoeloes - Trichardt in aanraking met die Bawenda - Ramapoelana, Magato en M'pefu.
- HOOFSTUK II: BOTSINGS EN WRYWINGE MET DIE BLANKES. 7 - 26.
- Trekkers onder Potgieter in Soutpans-berg - Stigting van Schoemansdal - Verhouding tot Ramapoelana en Magato - Olifantsjagters en vuurwapens onder die natuurlike - Wantoestande in Soutpans-berg - Schoemansdal word prysgegee - Magato baskou homself 'n onafhanklike opperhoof - Genl. Joubert besoek Magato - Afbakening van Lokasies - Oproerige kafferstamme.
- HOOFSTUK III: DIE VYANDELIKE HOUDING VAN M'PEFU EN DIE ONMIDDELLIKE OORLOG. 27 - 49.
- Invoering van belastings onder natu- relle - Botsings met M'pefu - M'pefu vorder self belastings in - Vuurwapens onder die natuurlike - M'pefu gaan oor tot daadwerklike verset.
- HOOFSTUK IV : DIE EKSPEDISIE VAN 1898 ..... 50 - 69.
- Genl. Joubert gaan met 'n kommando na Rietvlei - Onderhandelinge met M'pefu - Die kaffers val aan - Versterkings vir die Boere daag op - Aanval op hoofstat, 16 Nov. '98. - Agtervolging van die verslane kaffers.
- HOOFSTUK V : DIE ONDERWERPING VAN DIE BAWENDA EN DIE REELING NA AFLOOP VAN DIE OORLOG ..... 70 - 79.
- Oorgawe van kafferkapteins aan S.P. Trichardt - M'pefu ontkom - Stigting van dorpie Louis Trichardt - Afbakening van lokasies.
- BYLAE I - V ..... 80 - 89.

GERAADPLEEGDE BRONNE.

A. ONUITGEGEWE STUKKE IN DIE STAATSARGIEF  
TE PRETORIA.

Argiefafdeling Kommandant-Generaal,  
 S.A. Republiek, (aangedui K.G.)

1. Kommandant-generaal: M'pefu (Magato) Ekspedisie:
1. Korrespondensie ens., 1898 - Aangedui K.G. 305
  2. Korrespondensie ens., 1898-99 " K.G. 306
  3. Telegram-boeke, 1898-99 " K.G. 307
  4. Kopieboek, 1898. " K.G. 308
  5. Krygsraadsnotule, 1898 " K.G. 309
  6. Dagboek 1898 " K.G. 310
  7. Kommandeer- en Taksasielyste 1898 " K.G. 311
  8. Geldelike Stukke 1898-99 " K.G. 312
  9. Kassaboek 1898 " K.G. 313
  10. Krygskommissariaat, Korrespon-  
 densie, ens., 1898 " K.G. 314
  11. Krygskommissariaat, Brieweboek,  
 1898 " K.G. 315
  12. Krygskommissariaat, Aanvrae,  
 verslae, ens., 1898 " K.G. 316
  13. Krygskommissariaat, Aantekening-  
 boek v. Aanvrae, 1898 " K.G. 317
  14. Krygskommissariaat, Mondprovisie  
 en Kledingstukke, 1899 " K.G. 318
  15. Krygskommissariaat, "Opslagen  
 Voorraad", 1898 " K.G. 319
  16. Krygskommissariaat, ontvang en  
 uitgegewe mondprovisie, 1898 " K.G. 320

(ii)

17. Krygskommissariaat, Krygskommissaris  
missaris, P.P.Rust 1898-99 - Aangedui K.G. 321
18. Kommandant-generaal, Inkomende  
Stukke " C.R.
19. Staatssekretaris, Inkomende  
Stukke " R.
20. Joubert-kolleksie.
21. Notulen Locatie Commissie, 1881-1897 " S.N. 177

B. UITGEGEWE BRONNE.

1. Britse Blouboeke 1898, 1899.
2. Groenboek, S.A. Republiek, 1899.
3. Staats-Courant van de Z.A. Republiek, 1897,  
1898, 1899.
4. Volksraadsnotule, 1896, 1897, 1898, 1899.
5. Rapport van Kommandant-generaal, 1885-99.
6. De Locale Wetten der Zuid Afrikaansche  
Republiek 1849-1893.

C. KOERANTE EN TYDSKRIFTE.

1. De Volksstem, Jan. Des. 1898.
2. The Star, 1898.
3. De Potchefstroomer, 1899.
4. Historiese Studies, Jaargang 1. No. 2., Okt. 1939.

D. GERAADPLEEGDE WERKE.

1. Bantu Studies (Vol. xi) Witwatersrand, 1937.
2. Dicke, B.H.: "The Bush Speaks, Border Life in  
Old Transvaal". Shuter & Shooter,  
Pietermaritzburg, 1936.
3. Flygare, Johs.: "De Zoutpansbergen en de Bawenda  
Natie", De Volksstem-Drukkery, 1899.

4. Gottschling, Rev. E.: "The Davenda: A Sketch of their History and Customs". J. Anthrop. Inst. 35, 1905.
5. Hofmeyr, Eerw. S.: "Twintig Jaren in Zoutpansberg". J.H. Rose & Co., Kaapstad 1890.
6. "History of the Native Tribes of the Transvaal", gepubliseer deur die "Transvaal Native Affairs Department, 1905".
7. Hüyser, J.D. "Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek", Proefskrif - D. Litt. Univ. van Pretoria, April 1937.
8. Louis Trichardt, Dagboek van, (1836-1838). Met inleiding en Aantekeninge van G.S. Preller. "Het Volksblad" - Drukkery, Bloemfontein, 1917.
9. "Memoirs of Paul Kruger", Londen Capetown 1902.
10. Muller, genl. Chris H.: "Oorlogsherinneringe". Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria 1936.
11. Munnik, Sen. G.G.: "Kronieke van Noordelike Transvaal", Suid Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria.
12. Nathan, Manfred: "Paul Kruger, His Life and Times," Durban.
13. Nathan, Manfred: "The Voortrekkers of South Africa", London, 1937.
14. Stayt, Hugh, A.: "The Davenda". Oxford University Press London: Humphrey Milford, 1931.
15. Theal, G.M.: "History of South Africa, Ethnography and Conditions of South Africa before A.D. 1505". George Allen & Unwin, Ltd. London. 1918
16. Theal, G.M.: "History of South Africa From 1795 to 1872". Vol. iv. Fourth edition. George Allen & Unwin Ltd. London 1919.
17. Van Oordt, J.F.: "Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid Afrikaansche Republiek". Amsterdam, Kaapstad 1898.
18. Van Warmelo, Dr. N.J.: "Contributions Towards Venda History, Religion and Tribal Ritual". Dept. of Native Affairs, Ethnological Publications, (Vol. iii)

19. Van Warmelo, Dr. N.J.: " A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa". Govt. Printer , Pretoria, 1935.
20. Van Warmelo, Dr. N.J.: "The Copper Miners of Musina and the Early History of the Zoutpansberg". Ethnological Publications, Vol. viii. Govt. Printer Pretoria 1940
21. Wessmann, R.: "The Bavenda of the Spelonken" "African World", Ltd. London, 1900.

## HOOFSTUK 1.

### VOORGESKIEDENIS VAN DIE BAWENDA.

Waar die Soutpansberge ruweg Oos- en Weswaarts kronkel vir ongeveer tagtig myl, afgewissel deur steil kranse en digbegroeide hellings, en sig op sommige plekke tot 4,000 vt. bo die omringende vlaktes verhef, het ten tyde van die Groot Trek die Bawenda-stam met 'n geskatte sieletal van 100,000 gewoon. Hulle is waarskynlik van die Kongo afkomstig, waar, volgens die oudste Portugese kaarte 'n nasie met dieselfde naam nog woon.<sup>1</sup>

Die migrasie het blykbaar plaasgevind teen die end van die 17de en begin van die 18de eeu.<sup>2</sup> Onder leiding van hulle opperhoof Dimbaya<sup>3</sup> het hulle die Limpopo-rivier oorgesteek en hulle gevestig tussen die Limpopo- en die Levuvu-riviere, in die vallei van die Njelele-rivier.<sup>3</sup>

Voor die oorloë van Tsjaka het die Bawenda

/die.....

- 
1. WESSMANN, R.: "The Bavenda of the Spelonken", p. 10. Vgl. ook THEAL, G.M.: "History of South Africa, Ethnography and Conditions of South Africa A.D. 1505." p. 187.
  2. STAYT: A.: "The Bavenda", p. 12. Vgl. ook FLYGARE Johs.,: "De Zoutpansbergen en de Bawenda Natie", p. 9, wat die datum aangee as ongeveer 1700.
  3. Vgl. (a) GOTTSCHLING, E.: "The Bavenda", p. 365. (b) v. WARMELO, Dr. N.J.: "Contributions Towards Venda History, Religion, and Tribal Ritual", p. 6. (c) Sketskaart op p. 23.

die hele gebied van wat vandag die Soutpansberg-distrik uitmaak, bewoon. Gedurende daardie oorloë is hulle versprei, maar na die Boere-emigrante van die Kaap-kolonie Moselekatse na die Noorde verdryf het, het hulle weer saamgesnoer en hulle oorspronklike gebied bewoon.<sup>4</sup>

Dimbanyika is opgevolg deur Ndyambea wat op sy beurt die troon gelaat het aan Thoho-ya-Ndou.<sup>5</sup> Laasgenoemde word deur historici beskou as 'n legendariese figuur onder die Bawenda. Volgens oorleweringe het hy een nag terwyl die ander geslaap het spoorloos verdwyn om nooit weer terug te keer nie.<sup>6</sup>

Thoho-ya-Ndou is opgevolg deur Ravela,<sup>7</sup> van wie egter maar baie min bekend is. Na laasgenoemde se dood is die land verdeel onder sy drie

/seuns.....

---

4. Vgl. (a) THEAL, p. 188. (b) FLYGARE, p. 9. Flygare stel vas dat die Bawenda-krale verspreid was vanaf die Limpoporivier in die Noorde tot die Levuvurivier in die Suid, vanwaar die Magwambas (Knopneuse), wat die land ooswaarts bewoon het, getrag het om hulle na die noorde uit te druk. Dientengevolge sou dan aanhoudende twis en naywer tussen beide stamme ontstaan het.

5. v. WARMELO: "Contributions towards Venda History", beskou Ndyambea as die opperhoof wat in 'n grot sy lewe gelaat het toe die ingang van die grot ingestort het.

6. Vgl. (a) v. WARMELO: "The Copper Miners of Musina and the Early History of the Soutpansberg", p. 54. (b) FLYGARE, p. 10, beskou Thoho-ya-Ndou se regime as die "Goue Eeu" van die Bawenda, omdat hy die nasie sterk gemaak en verenig het. (c) WESSMANN, p. 10, beweer dat Thoho-ya-Ndou, wat beteken "Olifants-kop" die hele gemeenskap regeer het aan die Njелеle-rivier (Dzelele-rivier) waar die ruïnes van sy "groot plek" nog staan. Hierdie plek word deur die kaffers as heilig beskou. Hulle meen dat die opperhoof, nog lewend, soos 'n Barbarossa in die Pruisiese geskiedenis, sal terugkeer.

7. Vgl. (a) STAYT, p. 15 (b) GOTTSCHLING, p. 366. (c) Dr. v. WARMELO gee die opvolger van Thoho-ya-Ndou aan as Tshivhase wat egter al gou deur Munzhedzi van die troon gestoot is. - Vide: "Contributions Towards Venda History, p. 6.

seuns Rasethau (ook genoem Mpofu), Sekwassi en Rampoera. Rasethau het as vernamste opperhoof van die drie, die Njelele-gebied bly bewoon.<sup>8</sup>

Sekwati, die Bapedi-opperhoof het vanuit die Suide 'n aanval op die Bawenda geloods, maar deur hulle toevlug te neem tot die ruwe bosagtige berge het hulle algehele uitwissing voorkom, en uiteindelik die Bapedi 'n gedugte nederlaag toegedien.<sup>9</sup>

Vir 'n tweede keer<sup>10</sup> het ondergang die Bawenda bedreig toe 'n magtige leer van die vyandelike Swasies onder Oemgwanie hul weer die berge ingedryf en selfs daar agtervolg het. Twee jaar later het nog 'n groter Zoeloe-leër op die toneel verskyn onder aanvoering van Zongandaba. Die Swasies, wat nog altyd as veroweraars in die

/land.....

- 
8. FLYGARE: (p. 10) word hier gevolg, maar daar bestaan aansienlike verskil tussen outoriteite oor die name van opvolgers. Volgens Dr. v. Warmelo is die Venda Ryk ook ongeveer hierdie tyd in drie dele verdeel. Vide "The Copper Miners of Musina and the Early History of the Zoutpansberg," p. 39.
  9. FLYGARE, p. 10.
  10. FLYGARE, p. 10., gee geen datum aan vir hierdie aanvalle nie. Dit moes egter ongeveer tussen die jare 1830 en 1836 plaasgevind het, aangesien die aanvalle gedoen is kort voor die koms van Louis Trichardt in 1836. Vgl. ook "Inleiding van G.S. Preller in "Dagboek van Louis Trichardt", p. L 11.

land gebly het is verjaag, en die verstrooide Bawenda het 'n ernstige nederlaag te verduur gehad. Spoedig is die Zoeloes egter verder na die Noorde, en kon die Bawenda hulle weereens verenig onder Rasethau.<sup>11</sup>

Inwendige onenigheid het egter nie ontbreek nie, soos blyk uit Louis Trichardt se bevinding toe hy die Soutpansberg bereik het en in aanraking gekom het met die Bawenda.<sup>12</sup>

In die najaar van 1836 het Ramaboya, 'n jonger broer van Rasethau 'n aanslag op Trichardt gewaag, wat egter met aansienlike verliese vir die naturelle afgeslaan is.<sup>13</sup> Nie lank hierna nie is Ramaboya deur Rasethau aangeval en gedood, en die volgelinge van eersgenoemde moes hulle aan laasgenoemde onderwerp.<sup>14</sup> Rasethau is later vergiftig deur een van sy vrouens, waarop haar seun Ramapoelana ongeveer in 1848 tot die troon opgevolg het, nadat hy die hulp van enige blankes ingeroep het om hom te ondersteun.<sup>15</sup>

/Met.....

- 
11. Vgl. (a) FLYGARE, p. 10. (b) Inleiding van G.S. Preller in "Dagboek van Louis Trichardt", p. Lll. (c) STAYT, p. 18.  
 Stayt beweer: "The Bawenda have been able to maintain their supremacy in the Zoutpansberg, and on many occasions have been saved from annihilation by their mountains". Wanneer deur 'n sterkere vyand aangeval, het hulle 'n defensiewe houding in die bykans ontoeganklike berge ingeneem.
12. Inleiding van G.S. Preller in "Dagboek van Louis Trichardt, p. Lll.
13. Idem.
14. Idem.
15. Vgl. (a) FLYGARE: p. 10. (b) STAYT, p. 19.  
 Dit was ongeveer in hierdie tyd dat die boere die dorpie Schoemansdal gestig het.

Met die dood van Ramapoelana moes sy seun Davhana opvolg. Die seun van die "tweede huis"<sup>16</sup> was egter Magato. Hy het 'n leër op die been gebring en Davhana op die vlug gejaag, waarop hy in 1864 die opperhoofskap aanvaar het.<sup>17</sup> Vir 'n dertigjarige termyn het hy kragtig regeer oor sy uitgestrekte gebied.<sup>18</sup> Hy is beskou as die magtigste opperhoof wat die Bawenda ooit gehad het, en hy was wyd en syd bekend as die "Leeu van die Noorde."<sup>19</sup>

Met Magato se afsterwe in 1895 het hy 'n aantal vrouens nagelaat in verskillende oorde van die uitgestrekte gebied waarop hy aanspraak gemaak het. Gewoonte was, dat die Opperhoof en sy volk saam die hoofvrou kies. Haar oudste seun word dan die opvolger. Volgens gewoonte moes M'pefu Magato opvolg, maar weens 'n misstap met

/een

- 
16. Die hoofvrou, of eerste vrou van die opperhoof, se seun volg gewoonlik op. In hierdie geval sou dit Davhana wees.
  17. v. WARMELO: "Contributions towards Vanda History", p. 7., beweer dat Magato sy aanspraak op die troon baseer het op die feit dat hy sy vader se liefelingseun was, en dat Davhana weens diefstal reeds 'n vlugteling was. Ook die Boere van Schoemansdal sou sy aanspraak op die troon ondersteun het. Vgl. ook Stayt, p. 19.
  18. STAYT, p. 1., gee die grense van die gebied aan as die Limpopo-rivier in die noorde, die Sandrivier in die Weste en die Levuvu-rivier as die suidelike en oostelike grens.
  19. Vgl. (a) WESSMANN, p. 116. (b) MUNNIK, p. 130. Dr. v. WARMELO: "The Copper Miners of Musina", p. 41. Beweer word dat Magato medisyne van die blankes tot sy beskikking gehad het, maar 'n oormaat in een slag gebruik het met noodlottige gevolge.

een van die jonger vrouens van sy vader is hy tot die dood veroordeel. M'pefu het egter ontsnap en na Kimberley die wyk geneem waar hy jare lank gewerk het. Intussen is besluit dat Masmo troonopvolger sou word. M'pefu se aanhangers het hom egter toe Magato op sterwe lê, inderhaas uit Kimberley laat haal. Dadelik was die stam in twee verdeel. Die invloedryke Tromp<sup>20</sup> en sommige van sy indoenas het by M'pefu gestaan, terwyl September, eweneens 'n gesaghebbende raadsheer en sy aanhangers ewe beslis Masmo wou sien regeer. 'n Sameswering van Tromp teen Masmo en September en Sentimulu het M'pefu die troon besorg.<sup>21</sup>

- 
20. Vgl. (a) WESSMANN, p. 116 (b) FLYGARE, p. 12. Tromp was die bynaam vir Funjo-Funjo, 'n magtige en feitlik onafhanklike kaptein onder Magato.
21. Vgl. (a) WESSMANN, p. 120 (b) MUNNIK, p. 131. September en Sentimulu was beide gesaghebbende raadshere wat oor kleiner gebiede in die Bawenda-ryk regeer het.

Aangesien Magato vir 'n betreklik lange termyn (51 jr.) oor die Bawenda regeer het, en wyd en syd bekend was, is die stam dan ook dikwels die Magato-stam genoem. Om dieselfde rede was die M'pefu-ekspedisie van 1898 soms bekend as die oorlog teen Magato. Hierdie verwarring kom herhaaldelik voor in korrespondensie wat oor die saak handel. (KG. 305, 306).

## HOOFSTUK 11.

### BOTSINGS EN WRYWINGE MET DIE BLANKES.

Toe Rasethau weens vergiftiging oorlede is en 'n dispuut ontstaan het oor wie die Bawendatsoon sou erlang, het Ramapoelana wyslik die hulp van die blanke-emigrante ingeroep en sodoende die troon bemagtig.

Die eerste Trekkerwaens onder Andries Hendrik Potgieter het juis op 2 Mei 1848 vanaf Andries-Ohrigstad aan die voet van Soutpansberg aangekom.<sup>1</sup> Toe hulle die berge bereik, het hulle besluit om daar te bly by die plek bekend as "Zoutpansberg". 'n Skans en hartbeeshuisies is dadelik gebou. Vanaf 1855 het Stephanus Schoeman, Kommandant-generaal van Soutpansberg die dorp in erwe laat uitmeet en dit verdoop tot Schoemansdal.<sup>2</sup>

Toe Ramapoelana bemerk dat die blankes besluit het om hulle permanent onder die neus van sy hoofkraal te vestig het hy dit met stille agterdog bejeën. Die Trekkers het reeds 'n verdrag

/met.....

- 
1. Historiese Studies: Jaargang 1. No. 2, p. 25, Artikel deur J.B. de Vaal. Vgl. ook Munnik, p. 4.
  2. Idem. Vgl. ook FLYGARE, p. 10.

met hom gesluit waarvolgens hy feitlik as vasal van die blankes beskou is.<sup>3</sup>

Ramapoelana het 'n ideale plek vir sy hoofkraal en die krale van sy volgelinge uitgesoek: agter hom was die steil kranse en digbegroeide hellings van die indrukwekkende berg, vanwaar talle van heldere stroompies neerstort tot waar hulle in die Doornrivier saamvloei. Tot dusver het hy hier in gelukkige en afgesonderde barbaarsheid gewoon. Spoedig het hy egter sy ondankbaarheid<sup>4</sup> aan diegene wat hom 'n troon help besorg het, betoon, die mense van Potgieter uitgesnuif, en selfs moorde gepleeg. Tengevolge van sy barbaarse instellings, het hy vir die blankes mettertyd 'n bron van moeilikhede geword.<sup>5</sup> Sy onderdane het vinnig vermeerder en hy het onder hulle 'n aansienlike invloed verkry en dieselfde posisie begin inneem as wat Moshesh in Basutoland beklee het.<sup>6</sup> 'n Kommando is derhalwe teen hom uitgestuur, waarop hy gevlug het.<sup>7</sup>

/Die.....

- 
3. Vgl. (a) Munnik, p. 4. (b) Theal, p. 188.
  4. STAYT, p. 16. beweer dat Ramapoelana soms "die verraderlike" genoem is.
  5. Vgl. (a) Inleiding van G.S. Preller in "Dagboek van Louis Trichardt" p. LIII. (b) MUNNIK, p. 24.
  6. v. OORDT, J.F.: "Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek", p. 124.
  7. Vgl. (a) PRELLER, p. LIII. (b) v. OORDT, p. 124.

Die nuwe opperhoof Magato, het nes sy voorganger sy opperhoofskap aan die blankes te danke gehad wat hom hierin gedeeltelik ondersteun het. Aan die begin van sy regeringstermyn was hy gehoorsaam en getrou aan die regering en het hy selfs werksvolk gestuur om die boere op hulle plase te help en hulle op skiettogte te vergesel.<sup>8</sup>

Schoemansdal was die mees noordelike uithoek van die beskawing wat in die sestiger jare 'n bloeiende handel in ivoor gehad het. Duisende ponde ivoor is jaarliks van die olifant-jagters ingekoop en na Natal gestuur. Op hierdie jagtogte het die kaffers self indertyd geweers bekom en geleer hoe om dit te hanteer.<sup>9</sup> Die naturelle het ook op hierdie wyse in noue kontak gekom met die blankes en vertrouwd geraak met hulle taal en gewoontes. Die verkryging van vuurwapens deur kaffers en die hantering daarvan was vir die blanke nedersetters 'n gevaar.<sup>10</sup>

/Die.....

- 
8. Vgl. (a) STAYT, p. 19 (b) FLYGARE, p. 11.  
9. HOFMEYR, S.: "Twintig Jaren in Zoutpansberg, p. 5. Eerw. Hofmeyr was 'n sendeling wat 20 jr. in Soutpansberg tussen die kaffers deurgebring het, en hulle seker deeglik geken het.  
10. FLYGARE, p.11. Vgl. ook B.H. Dicke: "The Bush Speaks", p.11. Onder hierdie ivoorhandelaars was 'n Portugees Joao Albassini wat baie kaffers in sy diens gehad het vir die vervoer van ware van en na Delagoabaai.

Die kaffers het begin lastig word,<sup>11</sup> en Magato het sy rug tot die blankes gekeer en hom nie gesteur aan hulle klagtes nie. Hy was selfs geneig om die wandade van sy onderdane aan te moedig. In hierdie houding is hy aangespoor deur Matschie<sup>12</sup> wat deels aanspreeklik was vir die oproerige gees.

Die moeilikhede te Schoemansdal het ongeveer die jaar 1860 begin. Die Naturelle-kapteins Monene en Muzila, wat van die land van die opperhoof Manacos gevlug het, is toegelaat om hulle in Soutpansberg te vestig onder beskerming van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek.<sup>13</sup> Muzila is later terug na Manacos waar hy opperhoof geword het. Hy dwing Albassini, wat intussen Kommissaris van Naturelle in Soutpansberg geword het om Monene uit te lewer, want hy beskuldig laasgenoemde van diefstal. Hierin wou Albassini geredelik toegee, maar tengevolge van onvolledige en teenstrydige instruksies uitgereik deur die regering aan Albassini sowel as aan ander offisiere en amptenare met betrekking tot hulle outoriteit

/insake.....

- 
11. FLYGARE, p. 11. Die kaffers het met veediefstalle begin en die blankes as indringers beskou.
  12. Idem. Matschie was 'n oom van Magato. Veral gedurende Magato se eerste regeringsjare het hy hom met raad bygestaan, en feitlik as 'n voog vir Magato opgetree.
  13. Ad. R. 277/80, "Report on the Case of Zoutpansberg". Hierdie rapport is 'n betreklike lang dokument, en gee 'n breedvoerige uiteensetting oor die toestand van sake.

insake Naturellesake, het 'n misverstand ontstaan. Die gevolg was: "a feeling of offended pride and conceit, expressed in the fear that the power and sway held over the Native tribes by one official should exceed the powers of another, laid the foundation to the now existing calamities".<sup>14</sup>

Monene het later tog gevlug en beskerming gesoek onder 'n gedeelte van die blankes in die omgewing van Schoemansdal en die Spelonken. Dit was die oorsaak van jaloesie en wrok tussen Albassini aan die een kant en 'n gedeelte van die offisiere en amptenare aan die ander kant. Die regering en die Uitvoerende Komitee was verplig om Monene te laat vang met die doel om hom aan Muzila uit te lewer. Voor dit egter kon geskied het hy deur die nalatigheid van landdros I. Vercueil en veldk. Steph. Janse van Rensburg ontsnap en 'n aantal geweurs met hom meegeneem. Aanvalle is nou gedoen op naturellekapteins soos Paco en Lehotto deur komt. Venter "according to his own declaration for the only reason that he heard from kaffirs that Monene was in his kraal...."<sup>15</sup>

/Aanvalle.....

---

14. Idem.  
15. Idem.

Aanvalle deur Albassini en Venter is ook gedoen op die kaptein Magor,<sup>16</sup> as sou hy geweier het om belasting te betaal.<sup>17</sup> 'n Verdere aanval is gedoen deur Michiel Buys<sup>18</sup> op die kaptein Tabana.<sup>19</sup> Tabana se kraal is verwoes en sy vee, vrouens en kinders weggevoer, alhoewel Albassini later beweer het dat Tabana 'n vreedsame naturel was wat sy belastings gereeld betaal het. Nog 'n patrollie onder komdt. Venter en veldk. J.H. du Plessis is uitgestuur teen kaptein Tapalana, as sou hy ook ongehoorsaam gewees het.

Albassini het Vercueil beskuldig van verraad, diefstal en die uitstuur van onwettige kommando's, terwyl laasgenoemde weer enige beskuldiging teen Albassini ingebring het. Die kommissie wat op die saak ingegaan het se bevinding was, dat kommando's deur die amptenare uitgestuur is sonder dat hulle daartoe gewettig was.<sup>20</sup>

/Die.....

- 
16. Magor was een van die kleiner kaptains. Uit die rapport blyk egter nie oor welke deel van die stam hy regeer het nie.
  17. Ad. R. 277/80 "Magor was taken prisoner and murdered during the night, while his people were killed by the Commando of the Knobnoses, his kraals destroyed and wives and children carried away."
  18. Michiel Buys was lid van 'n basterstam, onderdaan van die Republiek en Veldkornet van gekleurde stamme naby Schoemansdal. Sy vader was Coenraad de Buys wat vanuit die Kaapkolonie na Soutpansberg getrek het, en beskou kan word as die stamvader van die gekleurde stam aldaar. Vgl. Preller: "Dagboek van Louis Trichardt", p. XXX tot p. XLII.
  19. Dit is nie duidelik wie hy was nie. Slegs sy naam asook die van Tapalana word in Ad. R. 277/80 genoem.
  20. Ad. R. 277/80.

Die betreurenswaardige toestand in Soutpansberg had derhalwe sy oorsprong by hierdie gebeurtenisse, deurdat lojale kafferstamme tot verset en rebellie aangespoor is om openlik die wit bevolking van Soutpansberg te bedreig, en selfs aangemoedig is om van geweers gebruik te maak om hulle handeling ten uitvoer te bring.<sup>21</sup> Hulle het aanvallend opgetree, huise verbrand en tot in die nabyheid van Schoemansdal geplunder. Hier het die kaptein Katze-Katze (Katlakter)<sup>22</sup> die Sendingstasie Goedgeacht geplunder. Kennis hiervan is in Pretoria ontvang, en iets moes gedoen word. Geen aktiewe maatreëls kon egter geneem word voordat die 1865 Kampanje teen Moshesh afgelopen was nie.<sup>23</sup>

In November van dieselfde jaar het Pretorius en Paul Kruger Soutpansberg besoek met die oog op 'n ondersoek. Die blankes was net sowel te blameer as die kaffers.<sup>24</sup>

Twee agtereenvolgende aanvalle op Katze-Katze was tot mislukking gedoem, omdat 'n tekort aan ammunisie, onderlinge ongehoorsaamheid

/van.....

- 
21. Idem.
  22. Hy was onder beide name bekend, en 'n vername onderkaptein van Magato.
  23. v. OORDT, p. 128.
  24. NATHAN, Manfred: "Paul Kruger, His Life and Times", p. 76. Vgl. ook v. Oordt, p. 128.

van die Burgers, en die onneembaarheid van die bosbegroeide rotsagtige gebied, die Boere genoop het om terug te val.<sup>25</sup>

Die Boere was nie bestand teen die defensiewe taktiek van die Bawenda nie. Die twis-sieke gees onder die bevolking sowel as perdesiekte, koors en swak bewapening het Paul Kruger, destyds Kommandant-generaal, laat voel dat Schoemansdal ontruim moes word.<sup>26</sup>

Die land was finansiëel uiters swak daaraan toe. Die Volksraad het note uitgegee ter waarde van £12,000 en in Junie van dieselfde jaar (1866) is 'n kommando van 1200 man opgeroep, dog nie eers die helfte hiervan het hulle aangemeld vir militêre diens nie, en binne 'n maand is hierdie kommando ontbind. Gelukkig vir die blankes het die naturelle op hierdie stadium moeilikhede onder mekaar gehad, en is die blankes vir die oomblik met rus gelaat.<sup>27</sup>

Gedurende die eerste maande van 1867 het die stamme hulle onderlinge verdeeldheid gestaak en hulle aanvalle op die blankes hervat. Die

/president.....

- 
25. Idem. Vgl. ook (a) DICKE, p. 24. (b) MUNNIK, p. 43.
26. Idem. Dicke konstateer: "The inhabitants of Schoemansdal were not driven out by the Bawenda, but by a combination of adverse circumstances..... Disease, economic stress, and their obsolete weapons were the causes of the Boers having to retreat from Schoemansdal." Vgl. ook THEAL: "History of South Africa since 1795" Vol. iv. pp. 118-120
27. Vgl. (a) R. 935/67. (b) THEAL, Vol. iv. p. 221.

president het 'n kommando van 2,000 man opgeroep en die Volksraad byeengeroep vir 'n buitengewone sitting. Die gestemde bedrag van £12,000 van die vorige jaar was onvoldoende en 'n verdere £20,000 is gestem om aan die uitgawes van die kommando tegemoet te kom. Die finansiële toestand was so ontoereikend dat 'n hoeveelheid ammunisie wat reeds in die baai te Durban gelê het, nie na Pretoria vervoer kon word nie. Van die 2,000 man wat opgeroep is het slegs 500 hulle verskyning gemaak. Met hierdie swak mag, ontoereikend voorsien van ammunisie, moes Kruger sy aanval teen die bergvesting van Katze-Katze loods. Na 'n paar skermutselinge moes hy op Schoemansdal terugval.<sup>28</sup>

Uit 'n militêre oogpunt beskou was Schoemansdal baie sleg geleë, en volgens Kruger was dit altyd aan die genade van die kaffers toe- vertrou. Derhalwe het hy Schoemansdal met kommando sowel as inwoners verlaat, 'n rukkie in Malitsie- land versuim om blankes wat in die nabyheid gewoon het, 'n kans te gee om mee te gaan. Daarna is hy deur Makapaan's Poort waar hy 'n wag van 45 man laat om die dorpie Potgietersrust te beskerm. Te Marabastad het die landdros van die distrik hom voorlopig gevestig, sowel as sommige inwoners van

/die.....

---

28. Idem.

die so pas-verlate Schoemansdal. Kort hierna het die roofsugtige Katze-Katze Schoemansdal in die as gelê.<sup>29</sup>

Die prysgawe van Schoemansdal en hiermee 'n aansienlike gedeelte van Soutpansberg, is deur pres. Pretorius bekoou as die grootste ramp wat die Republiek ooit die hoof moes bied. Hy het 'n wanhopige beroep op die land vir vrywilligers gedoen. Daar is egter besluit om die magtige Magato en Katze-Katze nie aan te val nie. Pogings is egter aangewend deur Stephanus Schoemann, by wie dit aanmoed nie ontbreek het nie, dog sy klein vrywilligersmag het niks uitgevoer nie.<sup>30</sup>

Gedurende Julie 1868 het pres. Pretorius Soutpansberg besoek. 'n Byeenkoms is op die plaas Welgevonden gehou waar die kaptein Davhana, verteenwoordigers van die Knopneuse, volgelinge van Buys en enkele andere 'n konferensie met die president en die landdros van Nispen gehad het. Pretorius het aangekondig dat Stephanus Schoemann aangestel is as diplomatieke agent in die distrik, en dat Albassini nie meer in diens van die

/regering....

---

29. Vgl. (a) THEAL, Vol. iv. pp. 123-124.  
(b) NATHAN: "Paul Kruger, p. 79.

30. Idem.

regering was nie.<sup>31</sup> Boodskappe is ook van ander  
naturelle-hoofde ontvang waarvolgens hulle hul  
begeerte om vrede uitspreek. Hierna het die  
president vir Schoemann agtergelaat om verdere  
reëlings met die naturelle te tref. Deur sy  
pogings is 'n toestand van vergelykende kalmte  
herstel, waardeur baie Boere instaat gestel is om na  
hulle verlate plase terug te keer en hulle boerdery  
voort te sit. Algehele heerskappy oor die ver-  
skillende stamme is egter geensins herstel nie.  
Die wet kon slegs op morele gronde toegepas word,  
en die gesag om diegene wat hulle vergryp, te straf  
het ontbreek.<sup>32</sup>

In Soutpansberg het daar nou tussen  
blank en swart 'n algemene vrede geheers, alhoewel  
die berg-stamme onderlinge rusies met mekaar gehad  
het. In Maart 1869 het Pafuri en Lemondo vir  
Sewassi<sup>33</sup> aangeval, en Magato vir Katze-Katze. In  
April het Umzila 'n mag van 5,000 die Bawenda-  
gebied ingestuur wat die krale van Lemondo en ander  
kapteins geplunder het. 'n Groter slagting het  
egter plaasgevind toe die Swasies, wat die Bawenda  
/maar.....

- 
31. Vgl. (a) THEAL, Vol. iv. p. 227 (b) DICKE, p. 24.  
Dicke beweer dat Albassini Naturelle-Kommissaris  
in Soutpansberg was, sowel as hoof oor die  
Magwamba. Soiets sou bots met die belange van  
die Republiek en daarom is die geleentheid te  
paat geneem om hom van sy pos te onthef.
32. THEAL, Vol. iv., p. 228.
33. Sewassi sowel as Pafuri was magtige kapteins in  
die Bawenda ryk, terwyl Lemondo een van die  
onderkapteins was.

maar altyd vyandiggesind was, 'n mag van 1500 teen hulle in die stryd gewerp het. Die kaffers van Davhana (Tabana) het hulle by hierdie leër aangesluit en middernag 18 Oktober 1869 is een van Magato se grootste krale aangeval. Magato het 'n uiters sterk vesting gehad dog dit het die Swasies geluk om dit na 'n bloedige geveg in te neem. Ander krale behorende tot Magato is hierna aangeval en vernietig, en nadat ook die kaptein<sup>34</sup> Pago en Sewassi aangeval is het die Swasies na hulle land teruggekeer.<sup>34</sup>

Toe die blankes geleidelik na hulle plase in die Noorde terugkeer, en hulle mettertyd vestig tot aan die Levuvu- en Doornriviere, was Magato baie afkerig<sup>35</sup>. Daarby het die regering herhaaldelik deur middel van sy nuwe Naturelle-Kommissaris Adolf Schiel<sup>36</sup> aangedring op die betaling van belasting. Van die grotere kaffer-

/hoofde.....

- 
34. Idem. Vgl. ook FLYGARE, p. 13.
35. Soos reeds aangetoon het Magato die Levuvu- en Doornriviere as die suidelike grens van sy gebied beskou. Die blankes wat hulle hier gevestig het het hy derhalwe as ongewenste indringers beskou. Vgl. MUNNIK, p. 47.
36. Na Albassini is Schiel deur die regering aangestel as Naturelle-Kommissaris vir Soutpansberg. Soutpansberg was een van die distrikte van die S.A. Republiek waarin die grootste aantal kaffers gewoon het. Dit het die administrasie daarvan deur een enkele amptenaar bemoeilik - Vide: Die landdros, proklamasie dd. 14 Des. 1874, De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849-1885, pp. 605, 606. Die Volksraad het derhalwe in September 1876 besluit om die administrasie van kaffersake onder aparte amptenare te plaas. Later is hulle Naturelle-Kommissarisse genoem.

hoofde Sewassi, Pafuri en Ramapoeta het slegs Sewassi gedeeltelik belasting betaal.<sup>37</sup> Kaptein Schiel was 'n energieke man, maar die regering het hom instruksies gegee om nie moeilikhede met die kaffers te verwek nie, en om takvol met die naturelle te werk te gaan. Tenspyte van die vermaning het Schiel tenslotte al sy invloed by Magato verloor.<sup>38</sup>

Van die Republikeinse gesag het Magato nooit enige notisie geneem nie, en hy het 'n astrante houding begin inneem.<sup>39</sup> Hy het die Doornrivier as die duidelike grens van sy gebied geproklameer, en oor alles wat ten Noorde daarvan geleë was het hy alleen jurisdiksie uitgeoefen. Tog was dit duidelik dat sy gebied binne die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek geleë was.<sup>40</sup>

Gedurende die Anneksasie-periode het Shepstone 'n besliste poging aangewend om belasting van die naturelle in die distrik Soutpansberg te in. Hy het dan ook geslaag om enige honderde ponde van die meer bedaarde kapteins te verkry. Na hierdie insameling van belastings het die spanning egter vererger. Om hierdie rede het genl.

/Piet.....

---

37. FLYGARE, p. 14.

38. Vide MUNNIK, p. 47, wat daarop wys dat die regering bewus was van die mag van Magato maar in dieselfde tyd besig was met ander dringende sake wat meer aandag vereis het. Vgl. ook WESSMANN, p. 116.

39. WESSMANN, p. 116.

40. MUNNIK, p. 47.

Piet Joubert op las van die regering in 1884 na Magato gegaan om enige wrywing met hom te skik. Hierdie ekspedisie het egter geen uiterlike weldadige uitwerking op die toestand van sake gehad nie.<sup>41</sup>

Klagtes van burgers in Soutpansberg het daartoe gelei dat Joubert herhaaldelik daarheen moes gaan om sake te probeer skik. Die kaffers het hulle skuldig gemaak aan inbraak by privaat wonings van boere.<sup>42</sup> Hulle het uiters brutaal geword en meer polisie moes aangestel word.<sup>43</sup> By die sendingstasie Goedgedacht het hulle uiters oproerig geword.<sup>44</sup>

In 1889 moes genl. Joubert weer na Magato om ondersoek in te stel oor klagtes van boere. In 'n brief aan die regering oor hierdie opdrag skryf Joubert in 1889<sup>45</sup> dat hy hom reeds herhaalde kere na Soutpansberg moes haas, sonder dat enige verbetering op die toestand van sake gevolg het. Ofskoon die toestand van die distrik deur die instroming van delwers en okkupante veel verbeter het, het die toestand tog vir individuele boere in wie se nabyheid

/naturellestamme....

- 
41. FLYGARE, p. 14.  
Vgl. ook: "Memoirs of Paul Kruger", p. 176  
Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog 1880-81  
het Paul Kruger 'n onderhoud met Magato  
gehad oor die kwessie van lg. se voorsiening  
van eetware aan die Engelse kamp te Rusten-  
burg. Kruger het self met die kaffers gepraat  
en hulle moes beloop om absoluut neutraal te  
bly.
42. R. 7647/88.  
43. R. 9312/88.  
44. Vgl. C.R. 264/88 en R. 1984/89.  
45. R. 6732/89. Brief van Joubert aan Kruger.

naturellestamme gewoon het, nie verbeter nie.  
Inteendeel, die moeilikhede het, soos uit  
verskillende klagtes blyk, eerder toegeneem.<sup>46</sup>

Van die kommissaris kon Joubert nooit 'n behoorlike sensus verkry nie, sodat hy nie instaat was om die grootte van lokasies te bepaal nie. In 1876 is reeds bepaal dat "de localiteiten der grootere kafferstammen zullen door de regeering, zooals voor hun bestaanbaar zal zyn worden aange-wezen en bepaald."<sup>47</sup> In 1891 besluit die Volksraad "de Hoogedele Regeering op te dragen zoo spoedig moogenlyk de locaties, welke nog afgebakend moeten worden, te doen afbakenen overeenkomstig punt 2 van art. 19 der Conventie van 1884, en volgens bepaling getroffen met den vroegeren Britschen Resident, wat betreft de grootte der toe te kennen locaties."<sup>48</sup>

Die Lokasie-Kommissie, wat die lokasies moes afbaken en aanwys, het op 8 Mei 1895 te Rietvlei naby die hoofstat van Magato byeengekom.<sup>49</sup> 'n Voorlopige grenslyn is reeds vyf jaar tevore deur genl. Joubert bepaal, sodat blankes wat as

/okkupante.....

---

46. Idem.

47. HUYSER, J.D.: "Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek": Proefskrif D.Litt., Univ. Pretoria., p. 126.

48. De Locale Wetten der Zuid Afrikaansche Republiek 1890-1893.

49. S.N. 177, Notulen Locatie Commissie, 1881-1897, p. 166.

okkupante die land binnegedring het, nie plase sou okkupeer binne die gebied behorende aan die kaffers nie.<sup>50</sup> Dit was vir die regering egter nog altyd onmoontlik om 'n definitiewe afbakening te laat geskied tensy hulle 'n behoorlike sensus van die stam van Magato tot hulle beskikking het.<sup>51</sup>

Magato was egter nie geneë om die Kommissie tegemoet te kom nie. Hy sou nie toelaat dat 'n sensus geneem en sy gebied afgebaken word nie. Onverrigter sake het die Kommissie teruggekeer.<sup>52</sup>

Die verhouding van die naturelle tot die regering was uiters gespanne.<sup>53</sup> Die naturelle het hulle as onafhanklik en vry van die wette van die land beskou. Hulle het onophoudelik met mekaar 'n soort van oorlog gevoer, en roof, moord en plundering was algemeen.

Generaal Joubert het as moontlike oplossing voorgestel dat die regering op die grense in die onmiddellike nabyheid van die naturellestate 'n polisiemag plaas en daar sterk vestings oprig. Wanneer die onluste gedemp

/is.....


---

50. Idem. 177.

51. Idem.

52. Idem., p. 167.

53. Idem., Kaptein Macaba het bv. bakens van die regering omver gegooi.



is en die stam geheel tot gehoorsaamheid en voldoening aan die wet gebring is, kon die fort verplaas word na 'n ander oord. Op hierdie manier kon dan trapsgewyse al die stamme onderwerp word.<sup>54</sup>

Moeilikhede met verskeie stamme<sup>55</sup> in die distrik Soutpansberg het sedert 1893 gevolg. Gedurende daardie jaar het daar nog geen noodsaaklikheid bestaan vir die oproeping van kommando's om onluste in die noordelike deel van Transvaal te onderdruk nie. Kommandant-generaal Joubert wys egter daarop<sup>56</sup> dat dit in die toekomst miskien nodig sal wees om 'n end te maak aan die "balloorigheid" van sommige kafferstamme, want daar het reeds vir enige jare 'n gespanne houding bestaan tussen die regering van die Republiek en die kaffers in die Soutpansberge.<sup>57</sup> Wrywing sou in die eerste plek voorgekom het tussen die blanke bevolking en die naturelle van daardie streek. Hierna het die ekspedisie van 1894 teen Malaboeh<sup>58</sup> gevolg. Voor die

/einde.....

- 
54. R. 6732/89.  
55. Malaboeh, Seleboel, Mahoepa, Magoeba, Mamatolla en Mojatje.  
56. Vgl. Rapport van Kommandant-generaal 1893.  
57. Vgl. Rapport van Kommandant-generaal 1894.  
58. Vgl. Rapport van Kommandant-generaal 1895. Malaboeh was die opperhoof van 'n kafferstam woonagtig in die Blaauberge, wes van Soutpansberg. Sien kaart op p. 23

einde van hierdie ekspedisie het dit weer nodig geword om aandag te skenk aan die opperhoofde Seleboel, Mahoepa en Magoeba.<sup>59</sup> Gevegte teen laasgenoemde drie opperhoofde sowel as teen Mojatje<sup>60</sup> het in die jare 1894 en 1895 gevolg.

Die veiligheidstoestand in die distrik Soutpansberg is derhalwe sinds die kommando's van 1894 en 1895 veel verbeter, dog ook gedurende hierdie ekspedisies het Magato tekens van onluste getoon.<sup>61</sup> Dit was selfs vir die kommandant-generaal nodig om in 1894 persoonlik 'n besoek aan Magato te bring.<sup>62</sup> Hierdie missie was belangrik<sup>63</sup> want genl. Joubert is vergesel van enige persoonlikhede van naam.<sup>64</sup> Skaars het hulle die Doornrivier oorgesteek of hulle is gestuit deur 'n aantal vegvolk van Magato, wat wou weet wat die doel van hulle

/besoek.....

- 
59. Idem. Die opperhoofde was nie onderhorig, ondergeskik of verwant aan die Bawenda nie.  
60. Mojatje was 'n meid en opperhoof van 'n stam destyds woonagtig ongeveer 40 myl oos van Pietersburg.  
61. Genl. Joubert wys in sy rapport van 1896 op "tekens van onluste" by die Bawenda gedurende die jare 1894 en 1895.  
62. WESSMANN, p. 119.  
63. Idem.  
64. Onder andere T.W.<sup>v</sup> Beckett van die "Pretoria Press".

besoek was. In 'n onderhoud met genl. Joubert het die opperhoof verklaar dat hy gewillig was om belasting te betaal, maar hy het geweier. om dit aan kaptein Schiel die Naturelle Kommissaris te oorhandig.<sup>65</sup> Magato het ook aangevoer dat dit teen sy sin was om na 'n lokasie verskuif te word, en dat, indien soiets van hom verwag word, hy nog sou besluit wat hy sou doen.<sup>66</sup>

Voordat die regering kon oorweeg of daar 'n ekspedisie teen hom uitgestuur sou word, is hy in 1895 skielik oorlede en opgevolg deur M'pefu.<sup>67</sup>

- 
65. Vgl. "Pretoria Press", 9 Junie 1894. Kaptein Schiel het nooit 'n goeie naam by Magato gehad nie.
66. Idem.
67. FLYGARE, p. 14, beweer dat 'n kommissie onder leiding van komdt. Henning Pretorius in 1895 uitgestuur is, by welke geleentheid hy 'n onderhoud met Magato in sy hoofstat gehad het. Die ontvangs was egter van so 'n vyandelike aard dat die kommissie met alle spoed moes terugval oor die Doornrivier. Vgl. ook WESSMANN, p. 119.

HOOFSTUK III.

DIE VYANDELIKE HOUDING VAN M'PEFU EN  
DIE ONMIDDELLIKE OORSAKE VAN DIE OORLOG.

Nadat M'pefu in die jaar 1895 die Bawenda-troon bestyg het, het hy dadelik al die ou en beproefde raadgewers van sy vader ontslaan. Hy het hulle verbied om in die toekoms by hulle krale te bly en om hulle geensins met die sake van die volk in te meng nie. Toe hy eenmaal die ou raadshere van sy nek gehad het, het hy 'n aantal heethoofde, van omtrent sy eie ouderdom en kaliber as indoenas aangestel, welke maatreël algehele wetteloosheid as gevolg sou hê. Hy het gedurende sy bannelingskap te Kimberley van die beskawing slegs die ondeugde aangeleer soos dronkenskap en verwaandheid. Die regering het toe begin insien dat so'n imperium in imperio, met 'n klomp baldadige barbare aan die stuur in die Noorde gevaarlik kon word.<sup>1</sup>

/Die.....

1. MUNNIK, p. 131. Vgl. ook Rapport van Kommandant-generaal vir die jaar 1896. Hier deel genl. Joubert mee dat, indien ook eenmaal die sake met die stam van Magato (M'pefu) op goeie voet geplaas is, hy hoop dat die moeïikhede met die naturelle in Soutpansberg-distrik sal ophou om te bestaan.

M'pefu kon nie daarop aanspraak maak dat hy 'n onafhanklike opperhoof was nie, aangesien sy gebied onbetwis binne die grense van die S.A.R. geleë was, want die Limpopo-rivier het die noordelike grens van die Republiek gevorm. So is ook in die Londense Konvensie van 1884 bepaal. (Art.1). Die Republiek het dus volle reg gehad om aanspraak te maak op onderdaanskap van M'pefu.

Die invordering van belastings onder die naturelle in die distrik Soutpansberg was 'n saak wat voortdurend botsing en wrywing met die Suid-Afrikaanse Republiek veroorsaak het, omdat dit blank en swart met mekaar in noue kontak gebring het. Die belastingkwessie was dan ook een van die vernaamste oorsake van die botsing in 1898.<sup>2</sup>

Vanaf die vroegste jare, sedert die totstandkoming van die Republiek, was die invordering van belasting 'n saak wat met feitlik onoor-komelike moeilikhede gepaard gegaan het. Ook is die wette met betrekking tot die heffing van belastings in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek van tyd tot tyd aangevul. Dit is moeilik om te sê wanneer die eerste algemene belasting ingesamel is, of wanneer kapteins vir die eerste keer instruksies ontvang het om dit te betaal.<sup>3</sup> In 1855 berig die landdros van Rustenburg "dat hier nog geene gekomen ben om hunne opgaf te betalen".<sup>4</sup> Hierdie "opgaf" is waarskynlik gehef volgens 'n besluit van 1853.<sup>5</sup> Hierna is verskeie opperhoofde aangesê om belasting te betaal, bv.

/Mapog.....

- 
2. R. 7057/99. Rapport van Kommandant-generaal, 1898.
  3. HUYSER, p. 177.
  4. Idem.
  5. Idem., p. 178.



Mapog in 1854.<sup>6</sup> In 1864 besluit die Volksraad om 'n algemene inboorlingbelasting te hef. Hierdie belasting moes jaarliks aan die landdros van die distrik betaal word.

Dit was nodig om 'n poging aan te wend om die kapteins in die distrik Soutpansberg op 'n vriendskaplike wyse te beweeg om hulle belastings te betaal. Hiervoor is 'n kommissie in 1869 afgevaardig. Op die plaas Goedewensch het hulle verteenwoordigers van verskeie stamme ontmoet wat belowe het om hulle belastings te betaal. Die belasting sou gehef word op hutte.<sup>7</sup>

In 1876 het die Volksraad besluit om belastings te verhoog. Bewoners van groot lokasies moes vir elke bewoonde hut 10/- per jaar betaal. Daarbenewens moes elke manlike onderdaan 10/- per jaar betaal. Kaffers van klein lokasies hoef slegs 5/- per hut te betaal.<sup>8</sup>

In 1875 het die Volksraad ook besluit dat alle manlike persone bo 16 jaar (naturelle sowel as blankes) 2/6 jaarliks moes stort vir die instandhouding van publieke weë.<sup>9</sup>

/Moeilikhede....

---

6. Idem., p. 179.  
7. Idem. p. 185.  
8. Idem.  
9. Idem., p. 186.

Moeilikhede sou ontstaan by die invordering van die belastings. Behalwe die onoorwonne stamme<sup>10</sup> wat glad geen belastings betaal het nie, was daar andere wat tevrede was wanneer hulle slegs 'n klein "presentjie" aan die regering gegee het. Dit het heeltemal in die kraam van sulke hoofde gepas. om so 'n "presentjie" te gee, aangesien dit hulle die geleentheid verskaf het om ses of meer keer soveel belasting in te samel, as wat hulle aan die regering uitbetaal het. Verder was daar kapteins wat hulle onderdane toegelaat het om indiwiidueel te betaal (soos die belasting ook betaal moes word), maar wat geen persone toegelaat het om die land binne te kom om 'n sensus te neem van die hutte waarvoor die belasting betaal moes word nie.<sup>11</sup>

Die meeste moeilikheid het ontstaan waar belastings in lewende hawe betaal is, aangesien daar destyds nie voldoende geld in sirkulasie onder die kaffers was nie. Lewende hawe moes dus eers omgesit word in geld voordat dit aan die regering oorhandig kon word, en "most people never heard of these sales".<sup>12</sup>

Die insameling van belasting is verder

/bemoeilik....

---

10. DICKE, p. 27.

11. Idem. p. 28.

12. Idem.

bemoeilik deurdat Naturelle-Kommissarisse nie die opnames alles self gedoen het nie, of selfs nie deur hulle eie kantoor laat doen het nie. Gewoonlik is veldkornette aangestel as onder-Naturelle-Kommissarisse, en die saak is aan hulle toevertrou teen 'n kommissie. Waar dit gevaerlik was om na kafferhoofde te gaan, is privaat individue soms aangesê om te gaan insamel wat hulle kon kry. Gewoonlik het hulle dan net presentate verkry.<sup>13</sup>

Op 3 Oktober 1895 is daar 'n hoofdelike belasting van £2. op die kaffers gehef deur die Volksraad.<sup>14</sup> Vir die jaar 1897 is aan hoofbelasting ontvang £37,306, teenoor £40,233 in 1896, synde 'n vermindering van £2927 teenoor 1896.<sup>15</sup> In die geheel is egter ingevorder aan naturellebelasting gedurende 1897, die som van £120908 - 18 - 6, teenoor £100169 - 19 - 0 in 1896, wat 'n vermeerdering aantoon van £20,738 - 9 - 6. Hieruit blyk dus dat die hoofbelasting baie swakker betaal is as die orige belastings, bestaande uit hutbelasting, wegbelasting en hondebelasting.

/Uit.....

- 
13. Idem. Vgl. ook Volksraadsnotule, 1898, p. 488.
  14. Eerste Volksraadsbesluit, Art. 1478 dd. 3 Okt. 1895. (Wet No. 24 van 1895.)
  15. Volksraadsnotule 1898, Rapport v. Supt. v. Naturelle, p. 484.

Uit 'n geskatte totaal manlike kaffers van 89,638 in die Transvaal (1897), is die som van £120,908 - 18 - 6 geën, wat neerkom op 'n gemiddeld van £1. 7. 0. per individu. Die gemiddelde bedrag per kaffer vir Soutpansberg-distrik kom egter neer op minder as 16/-, wat aantoon dat in Soutpansberg-distrik die belasting baie swakker betaal is as in die Transvaal as geheel. Dit mag deels toegeskryf word aan die uitgestrektheid van die gebied, maar origens is die feit nie weg te redeneer nie, dat dit toegeskryf moet word aan M'pefu se weiering om belasting te betaal, wat dan ook dieselfde uitwerking op kleiner stamme wat hom moes gehoorsaam gehad het.<sup>16</sup>

Die belasting vir 1897 is bo verwagting goed betaal<sup>17</sup> as in aanmerking geneem word die besondere ongunstige omstandighede van die land, want die jaar 1897 was vir die naturellebevolking oor die algemeen 'n diep, treurige jaar. Malaria-koors het in ongekende mate in verskillende distrikte geheers, veral in die dist. Middelburg. Die runderpes, oënskynlik in die begin van 1897 uitgewoed, het nogtans later weer sy verskyning

/gemaak.....

---

16. Idem.

17. Volgens Rapport van Superintendent van Naturelle, p. 484.

gemaak, en groot skade veroorsaak. Die gesaaides het ook gely tengevolge van die laat reëns, sodat van goeie oeste geen sprake was nie. Hierdie plaes het die dist. Soutpansberg egter nie in die eerste plek getref nie, sodat dit/as 'n verskoning aangevoer kon word nie.<sup>18</sup> "Evenals voorgaande jaren, moet ik ook in dit jaarverslag vermelden, dat van de groote stammen in de wyk Spelonken,<sup>19</sup> van het district Zoutpansberg, tot nog toe niet behoorlyk de belastingen ingevorderd zyn"<sup>20</sup>. Die superintendent het ook tekenne gegee dat slegs enkele stamme onder M'pefu belasting betaal het.<sup>21</sup>

Nie alleen het M'pefu hom daaraan skuldig gemaak om geen belasting te betaal nie, dog hy het selfs ander stamme wat hulle onderdanigheid aan hom moes betoon, oorreed om geen belasting te betaal nie. Eers met mooi praatjies, maar later met dreigemente het hy die kaptein Sewassi e.a. gedwing om sy bevele uit te voer, en om ongehoorsaam te wees aan die opdragte van die

/Naturellekommissaris...

---

18. Volksraadsnotule 1898, p. 484.

19. Bewoon deur Bawenda-kaffers.

20. Rapport v. Supt. v. Naturelle, P.A. Cronje, Volksraadsnotule, p. 484.

21. Volksraadsnotule, 14 Julie 1898, p. 488.

Naturellekommissaris.<sup>22</sup>

So opmerklik swak is die belasting betaal dat die saak meer as een keer in die Volksraad te berde gebring is, en eindelik 'n sirkulêre aan Kommissaris en onder-Kommissaris van Naturelle deur middel van die Superintendent uitgestuur is om die belasting, "voornamelyk de £2. hoofbelasting, alsook de achterstallig geblewen belasting, zoo stipt mogelyk in te vorderen."<sup>23</sup>

Met die moeilikhede insake invordering van belasting was ook gemoed die kwessie van opname van sensus onder die naturelle.<sup>24</sup> Om enig-sins kontrole te kan uitoefen oor die mate waarin naturelle-kapteins hulle verpligtings nagekom het, wat betref belasting, moes statistieke van die kaffer-bevolking in die Transvaal sowel as die aantal hutte verkry word. In die statistiek en sensus van die naturellebevolking vir 1897 was slegs 25,602 manlike kaffers vir Soutpansberg opgege, terwyl daar na skatting 'n verdere 75,000 manlike onderdane in Soutpansberg woonagtig was,<sup>25</sup> d.w.s. 'n totaal van 100,000 van wie slegs byna

/£20,000.....

---

22. FLYGARE, p. 15.

23. BYLAAG I.

24. Rapport v. Supt. v. Naturelle 1898, C.B. 2/98.

25. Volksraadsnotule, Bylaag C, p. 487.

£20,000 verkry is, wat neerkom op 5/- per naturel!

Die regering het derhalwe besluit om 'n end te maak aan die ongewenste toestand in Soutpansberg, deur 'n volkstelling van M'pefu se stam te hou, die grond te laat opmeet en sy lokasie af te baken in verhouding met die getal van sy stam, ooreenkomstig die Lokasiewet. Die landdros (G.G. Munnik) is hierna gelas om met die Kommandant en Luitenant van Polisie na die hoofstat van M'pefu te gaan om hom in kennis te stel van die besluit van die regering en hom verder te versoek die landmeters en ander beamptes van die regering in die vervulling van hulle pligte alle hulp te verleen. M'pefu het dadelik 'n uiters astrante en onvriendelike toon aangeslaan.<sup>26</sup>

Landmeter Devenish en veldk. J.L.H. du Preez het egter van die Kommandant-generaal opdrag gekry om voort te gaan met die telling van M'pefu se stam, en sy lokasie ooreenkomstig die wet af te baken. Veldk. du Preez het sy opname by Mara<sup>27</sup> begin, en landmeter Devenish was besig

/om.....

- 
26. Sen. G.G. Munnik, die landdros, vertel in sy "Herinneringe" dat M'pefu die volgende sou gesê het: "Gaan vertel vir Paul dat ek geen telling van my volk sal toelaat nie, en dat ek geen landmeter of witman in my land sal verdra nie, tensy hy my permissie het".p. 133.
27. Mara was ten weste van M'pefu se stat, enige myle van Schoemansdal geleë. Vgl. ook sketskaart op bl.23 vir presiese ligging.

om bakens vas te stel, toe M'pefu 'n groot impi goedgewapende kaffers bynekaarmaak en die amptenare van "sy gebied" verjaag.<sup>28</sup>

In die gebied waarop die opperhoof beslag gelê het was talle plase waarop die eienaars jare agtereen die erfpag betaal het om dit nie te verloor nie, sonder dat hulle hul eiendom op enige wyse kon gebruik, uit vrees vir die kaffers. Die eienaars het nou aangedring op die okkupasie van die plase, en die regering, veral nadat haar amptenare beledig en verjaag is, was genoop om die saak in 'n ernstige lig te sien en krasse maatreëls te neem.<sup>29</sup>

Blankes, wonende in die nabyheid van M'pefu is gedurig lastig geval: soms oor water, dan oor die grensskeiding en in die meeste gevalle oor die invordering van belasting. Op 6 Aug. 1898 het komt. D.J. du Preez na Mara gegaan om belasting in te vorder. Toe hy daar arriveer, is aan hom meegedeel dat die kaffers in die berge onstuimig is, waarop hy dit raadsaam geag het om nie te Mara belasting in te vorder nie.<sup>30</sup>

/Sake.....

---

28. Munnik, p. 134.

29. Idem.

30. C.R. 4277/98. Brief van komt. Scoutpansberg aan Komt.-genl.. Vgl. ook De Volksstem, 18 Jan. 1898,



Sake het nou 'n ernstige wending begin neem. M'pefu het hom naamlik nie alleen daarop toegelê om ander stamme te belet om hulle belastings aan die regering te betaal nie, maar hy het belastinggaarders gestuur om die belasting vir homself te in. Vanaf 6 Sept. 1898 was van sy volk besig om belasting in te vorder by die sendingstasie van Eerw. Hofmeyr.<sup>31</sup> Aan die Buys-stam het hy laat vra of hulle reeds belasting aan die regering betaal het, en toe hulle ontkennend antwoord het hy gesê dat dit hulle geluk was, aangesien hy die belasting vir homself sou gaan invorder.<sup>32</sup>

Hierna het M'pefu al die berg-kapteins ontbied na Koedoesvlei waar 'n groot vergadering gehou is. 'n Aantal kaffers het perde gehad, terwyl heelwat meer gewapen was met geweeers. Dit is nie bekend wat alles op hierdie raadsvergadering besluit is nie, maar M'pefu het 'n aantal gewapende kaffers na die sendingstasie van Eerw. Hofmeyr gestuur, en hom belet om enige belasting vir die regering te in.<sup>33</sup>

/De.....

---

31. CR. 4359/98.

32. CR. 4277/98. Brief van Buys aan komt. du Preez. Vgl. ook CR. 4242/98.

33. CR. 4277/98. Brief van Eerw. Hofmeyr aan komt. du Preez.

"De onmiddellyke oorzaak, die tot de laatste moeielykheden aanleiding gegeven heeft, was het zenden door den kapitein M'pefu van een commando paardenruiters en voetgangers naar de statie Kranspoort van den Eerw. Heer Hofmeyr, zendeling aldaar, met het doel om het betalen van belasting aan de HEd. Regeering door het aldaar wonende volk, en meer in het byzonder door de Buysen, een bastaard stam aldaar woonachtig, te beletten".<sup>34</sup> Hierna het die Kommandant-generaal 'n skrywe aan die waarn. landdros te Pietersburg gerig waarin gemeld word, dat indien Buys gemolesteer of aangeval word, asook die stasie van Eerw. Hofmeyr, geweld gebruik sou word om dit te verhoed.<sup>35</sup>

Teen hierdie tyd was M'pefu besig om sy posisie gestadig te konsolideer. Hy het reeds "secured Ramputa's stronghold which has been the bone of contention between the late Magato and Sewasse."<sup>36</sup> Die besit van hierdie

/vesting.....

- 
34. Rapport van Komt.-genl. 1898. Vgl. ook CR. 4242/98.  
 35. CR. 4359/98.  
 36. Joubert kolleksie 240. Vgl. ook KG. 308, Perstelegram. M'pefu het veral gedurende die somermaande 'n astrante houding aange- neem omdat hy gemeen het dat die ongesonde klimaat van die streek die regering sou laat terugdeins om hom aan te val. Vgl. Bylaag III.

vesting het M'pefu materieel versterk. Die regering het versterking aan Sewassi beloof sodat hy hierdie natuurlike vesting kon behou, dog met die saak is te lank gesloer. Verder het 'n sekere kaptein Marema, wonende op 'n plaas van kapt. Schiel 'n aantal van sy vegvolk gestuur om M'pefu by te staan. Mahamba is ook deur M'pefu opgeroep om hom te gaan help, dog hy het geweier.<sup>37</sup> Ook het M'pefu baie van sy vee verder noordwaarts gestuur, sodat ingeval 'n botsing met die blankes volg, hierdie vee nie in hulle hande sou val nie.<sup>38</sup> Veral uit Malietsieland het baie naturelle na M'pefu gevlug omdat hulle hierdeur die belasting wat ingevorder moes word kon ontduik.<sup>39</sup>

'n Faktor wat in die tyd van die Suid-Afrikaanse Republiek voortdurend invloed uitgeoefen het op die verhouding tussen die Boere en die naturelle was die besit en verspreiding van vuurwapens onder die inboorlinge. Dit het die kaffers aangemoedig om hulle te verset teen die regering.<sup>40</sup>

/Vanaf.....

---

37. K.G. 308. Brief van Komt.-genl., 28 Okt. 1898.  
38. THE STAR, 18 Okt. 1898.  
39. Rapport v. Supt. v. Naturelle, 1898.  
40. HUYSER, p. 198.

Vanaf die vroegste tye in die geskiedenis van die Voortrekkers in Transvaal is vuurwapens onder die naturelle in die Soutpansberg aangetref. So kry Louis Trichardt in 1837 kruit by die Bawenda-kaptein Rasethau, en verneem dat hulle ook in besit is van geweeers.<sup>41</sup> Vuurwapens onder hierdie stam was in die tyd egter nog nie algemeen bekend nie.<sup>42</sup> In die vyftiger jare egter was hulle al betreklik goed van vuurwapens voorsien, sodat dit nodig geag is om by 'n Kommissie-Raad wat in 1851 by "de Kruis" (Magaliesberg) bymekaar gekom het die saak te bespreek.<sup>43</sup> Besluit is, dat wanneer kaffers weier om vuurwapens uit te lewer, hulle verplig moes word om dit te doen. In dieselfde jaar is 'n soortgelyke besluit te Lydenburg geneem.<sup>44</sup>

Om hulle heerskappy oor die naturelle-stamme te behou moes die Boere gedurig probeer voorkom dat naturelle enige vuurwapens in hulle

/besit.....

- 
41. PRELLER: Dagboek van Louis Trichardt, p. 59.  
42. HUYSER, p. 199.  
43. Idem.  
44. Idem. Vgl. ook Locale Wetten, 1849-1885, p.23, art. 62. "...elken persoon die ontdek mogt worden onder de gekleurden stammen kruid of geweren te verhandelen, zal worden gestraft naar den aard der zaak, in dien verstande, dat de minste straf zal zyn verbeurdverklaring van alle zyn goederen en zoo naar den aard tot den dood toe".

besit sou kry. Die Sandrivierkonvensie van 1852 bepaal dan ook dat handel in ammunisie met naturelle verbode is. Pretorius het in 1858 'n proklamasie uitgevaardig in verband met die insmokkel van krygsbehoefte.<sup>45</sup>

Die toestand het in die sestiger jare vererger, daarom besluit die Volksraad in 1866 dat geen inboorling toegelaat sal word om met vuurwapens rond te loop nie, tensy hy voorsien is van 'n verlofbrief van sy diensheer.<sup>46</sup> By die diamantvelde het duisende naturelle van alle oorde in besit van vuurwapens gekom wat hulle dan weer later in die binneland verkoop het.<sup>47</sup> Dit was nie alleen strydig met die Sandrivierkonvensie nie, maar dit was ook uiters gevaarlik vir die rus en vrede van die hele land.

Gaandeweg het die onmoontlikheid om die invoer van vuurwapens te belet vir die Republiek duidelik geword. Derhalwe word in 1873 besluit om 'n invoerbelasting te hef op vuurwapens wat die land ingebring word.<sup>48</sup> In 1876 word verder besluit dat geen inboorling

/geregtig.....

- 
45. THEAL, p. 125. Strawwe is opgelê wanneer persone ammunisie aan kaffers verkoop.  
46. HUYSER, p. 211.  
47. Idem.  
48. Idem., p. 213.

geregtig sou wees om sy lokasie of woonplek te verlaat met 'n vuurwapen tensy dit die stempel van die regering dra en die draer 'n pas besit, uitgereik deur 'n bevoegde staatsamptenaar.<sup>49</sup>

Dit blyk dus dat die verspreiding van ammunisie en vuurwapens onder die naturelle altyd ten strengste verbode was in die Suid-Afrikaanse Republiek. Slegs die regering kon verlof gee dat kaffers in besondere gevalle van vuurwapens voorsien mog word. "Niemand zal toegelaten worden eenig geweer, pistool of ander vuurwapen ..... aan eenen kleurling binnen dezen staat te verkoopen of op eene andere wyze te verhandelen of te geven, dan de regering alleen. De regelen dienaangaande word aan de Regeering over gelaten".<sup>50</sup> Die regering sou egter enkele uitsonderings maak, soos blyk uit die volgende artikel van dieselfde wet: "De Regeering is gemachtigd aan getroue Naturellen-opperhoofden of Bondgenoten zekere hoeveelheden ammunitie en vuurwapenen naar haar goedvinden af te staan, behoudens verslag aan den Volksraad."<sup>51</sup>

/Reeds.....

---

49. Idem.

50. Locale Wetten 1849-1885, art. 3., p. 1296.

51. Idem., art. 4.

Reeds aan die einde van Magato se regeringstermyn het dit onder die aandag van die regering gekom dat daar smokkelhandel met die opperhoof plaasgevind het. Oneerlike handelaars in die Republiek sou gedurig gewees en ammunisie deurgesmokkel het.<sup>52</sup> Blykens 'n brief van 'n regeringsamptenaar<sup>53</sup> aan Magato word daarop gewys dat die regering bewus is van smokkelhandel, en dat soortgelyke handel onmiddellik stopgesit moes word. Daar word verder op gewys dat die regering nooit geweier het om aan bevriende kapteins en hulle volk gewees en ammunisie van die regering se magasyn te verkoop nie.

In die tyd van M'pefu is die volk selfs beter bewapen as in sy voorganger se tyd. Die kaptein sou gedurig van sy onderdane na Delagoabaai gestuur het waar hulle maklik gewees kon koop.<sup>54</sup> Daar is selfs gewag gemaak van ammunisie vanuit Rhodesië wat bestem sou wees vir M'pefu. Dit is beweer<sup>55</sup> dat die Chartered Company twee mexims aan M'pefu verkoop het. "De prys was £1000 per stuk. De Maxims hadden de Gecharterde

/Kompagnie.....

---

52. Vgl. (a) MUNNIK, p. 135 (b) THE STAR, 7 Nov. 1898.

53. K.G. 288, Brief aan Magato, gedateer te Laerplaas, 5 Junie 1894.

54. Vgl. (a) MUNNIK, p. 135, (b) THE STAR, 7 Nov. 1898.

55. DE VOLKSSTEM, 4 Nov. 1898.

Kompagnie zelf £500 per stuk gekost."<sup>56</sup> Geen patrone sou egter saam met hierdie mexims verkoop gewees het nie. "Er was overeengekomen deze patronen de volgende winter te zullen brengen. M'pefu had £100 beloofd voor elke duizend patronen. Hy had er 2000 willen hebben."<sup>57</sup> Die geld om hierdie soort van handel te dryf sou M'pefu verkry het van onderdane wat terugkeer na hulle statte nadat hulle by die blankes gewerk en geld verdien het. By sulke gevalle moes elke kaffer £1. "belasting" aan die opperhoof betaal, en as hy meer as ses maande weg was, moes hy £2. stort. Op hierdie wyse het M'pefu 'n "ryk" kafferkaptein geword.<sup>58</sup>

Enkele kaffers van Soutpansberg afkomstig het voor spesiale landdros Marais van Boksburg 'n beëdigde verklaring afgelê dat hulle in Bawendaland 'n viertal kanonne gesien het.<sup>59</sup> Die hantering van die kanonne sou deur blankes aan die kaffers geleer gewees het. Hierdie

/inligting.....

- 
56. Idem. Die bewering is verstrekk deur die heer B. Vorster, in 1898 lid van die Eerste Volksraad. Vorster beweer dat sy broer Hendrik saam met 'n Dr. Lorentz 'n tydjie tevore op 'n groot jagparty was. Met hierdie geleentheid sou enige feite aan Hendrik Vorster verstrekk geword het i.v.m. die bewapening van die natuurlike van M'pefu. Die informasie is aan hom verstrekk deur 'n amptenaar van die Rhodesiese polisie.
57. Idem.
58. DE VOLKSSTEM, 17 Okt. 1898.
59. Idem. Waarskynlik in 1898.

inligting het die regering dan ook onmiddellik aan genl. Joubert verstrek. Verskeie gerugte wat die regering reeds vroeër bereik het, het met hierdie verklarings ooreengestem.<sup>60</sup>

Die heer B. Vorster<sup>61</sup> het in 'n onderhoud met koerantrapporteurs verklaar dat hy in die "magasyn" van die Bawenda-opperhoof was, waarin hy 100 geweeers, 50 kiste patrone, 'n aantal vate Portugese kruit, 'n paar kiste doppies en 'n voorraad sakkies kruit gesien het.<sup>62</sup>

Die regering kon nouliks toelaat dat so'n toestand van sake voortduur, en dat naturelle onder hulle neus bewapen word op onwettige wyse. Later, toe vyandelikhede reeds aan die gang was het dit geblyk dat die vermoede van die regering oor die bewapening van die kaffers nie ongegrond was nie. So rapporteer kommandant Potgieter<sup>63</sup> op 15 Oktober 1898 dat M'pefu <sup>bezyde</sup> 600 soldate het, almal gewapen met Martini Henri geweeers, en tewens 'n 3,000 goed gewapende voetgangers.<sup>64</sup> Ook met die eerste aanval op die kaffers (21 Okt. 1898) is bewys dat die naturelle gewapen was met /geweeers.....

---

60. Idem.

61. Vorster, as lid van die Eerste Volksraad vir Soutpensberg was besonder goed bekend met die noordelike Transvaal. Hy het selfs die vertroue van die vorige opperhoof Magato en sommige van sy indoenas geniet.

62. DE VOLKSTEM, 28 Okt. 1898. Vgl. ook DE VOLKSTEM, 14 Nov. 1898.

63. Potgieter was een van die kommandante wat deelgeneem het aan die ekspedisie van 1898.

64. DE VOLKSTEM, 17 Okt. 1898.

geweers, en dat hulle die wapens skynbaar goed kon hanteer.<sup>65</sup> By hierdie aanval is 'n Martini Henri geweer by 'n kaffer gevind. Dit is gestuur aan genl. Joubert teneinde met behulp van die nommer van die geweer, op te spoor hoe hy aan die wapen gekom het.<sup>66</sup> By 'n ander skermutseling is weer 'n aantal voorlaaiers by die lyke van kaffers gevind.<sup>67</sup> Ook is patroondoppe van Mauser en Lee Metford geweers opgetel by die plek vanwaar die kaffers gevuur het.<sup>68</sup>

Ten suide van die berg waar M'pefu se stat geleë was, is die aantal weerbare kaffers geskat op tussen tien- en twintigduisend, waarvan 15,000 waarskynlik goed gewapen was, sommige met Martini Henri geweers, en andere met allerlei soorte vuur- en ander wapens. Ten noorde van die berg het nog veel meer kaffers as aan die suidekant gewoon. Ook hulle sou gewapen wees.<sup>69</sup>

Daar is verder bevel gegee<sup>70</sup> vir die inhegtenisname van 'n sekere Commodore Keith en Witfield James weens geweer-smokkelary aan die kaffers in die Soutpansberg.<sup>71</sup> James sou werklik

/betrap.....

- 
65. Idem., 22 Okt. 1898.  
66. Idem., 28 Okt. 1898.  
67. Idem., 4 Nov. 1898.  
68. Idem.  
69. Idem., 28 Okt. 1898.  
70. Waarskynlik op 18 Okt. 1898. Vide DE VOLKSSTEM, 13 Okt. 1898.  
71. DE VOLKSSTEM, 15 Nov. 1898.

betrap gewees het met die verkoop van geweeers en ammunisie.

Die burgers was weldeeglik bewus van die wyse waarop die naturelle gewapen was, daarom het hulle met 'n mate van koorsagtige spanning die oomblik afgewag wanneer die groot aanval op M'pefu se stat en bergvesting moes plaasvind.<sup>72</sup> Hulle het niks anders as 'n heftige teenstand verwag nie,<sup>73</sup> want die naturelle was "voorzien van schietgeweer(e) der nieuwste vinding....., zodat ze ongenaakbaar waren".<sup>74</sup>

Nadat M'pefu gesorg het vir toe-reikende bewapening van sy volk, en die lente van 1898 reeds daar was om die regering af te skrik om hom in koorsstreek aan te val,<sup>75</sup> en die moontlikheid daar was dat die Burgers se perde sou vrek aan die perdesiekte, het hy oorgegaan tot daadwerklike verset. Ratombo, 'n onderdaan van M'pefu het 'n aanval gedoen op die Knopneuse, en "26 lojale regerings-kaffers" gedood. "This induced the General to demand the extradition of the murderer Ratombo."<sup>76</sup> M'pefu het geweier om aan hierdie versoek te voldoen.<sup>77</sup> Hy het

/hom.....

- 
72. Hierdie aanval het op 16 Nov. 1898 gevolg.  
73. DE VOLKSSTEM, 15 Nov. 1898.  
74. Idem., 28 Nov. 1898.  
75. Bylaag III.  
76. WESSMANN, p. 120.  
77. Volksraadsnotule 1898, p.711.

hom gereed gemaak vir 'n aanval op die kaffer Motshini wat op die plaas van Cooksley, 'n winkelier woonagtig was. Die kommandant van Polisie gee toe instruksies om Fort Schutte (wat ten suide van die Doornrivier geleë was), met nog 20 man te versterk. Bevele word gegee aan veldk. Kelly om sy manskappe gereed te hou teneinde die polisie te help om beskerming te verleen aan Motshini en desnoods geweld met geweld te keer, en nie toe te laat dat M'pefu belasting van Motshini afpers nie.<sup>78</sup>

'n Aantal kaffers van M'pefu sou die sendingstasie te Bandolierskop afgebrand en 'n sendeling en sy familie vermoor het.<sup>79</sup> Hierna was die regering verplig om handelend op te tree. "Zoals het met overtreders gewoonlik gaat, komt er eenmaal een tyd dat de maat vol is, en er een einde moet komen aan hun verzet tegen wet en orde en het aanmatigen van rechten, die aan geen persoon of stam, maar alleen aan een onafhankelyken Staat toekomen."<sup>80</sup>

In die geval van hierdie stam kan gesê word dat die regering nie eenmaal nie, maar gedurig getrag het om langs vreedsame weg hulle

/terug.....

- 
78. Vgl. (a) Brieweboek Komt.-genl., p. 211. (b) CR. 4559/98. (c) Uitvoerende Raad, 14 Sept. 1898, Art. 884.  
79. THE STAR, 13 Sept. 1898.  
80. R. 7057/99, Rapport v. Komt.-genl., 1898.

terug te voer tot wet, orde en gehoorsaamheid. Hulle verset strek uit oor 'n hele aantal jare, en van alle kafferstamme in die Transvaal was hulle die laaste om hulle aan die regering van die land te onderwerp.<sup>81</sup>

"De HEd. Regeering was dan ook gedwongen en genoodzaakt toen zy op den 13den September 1898, na overweging der wenschelykheid, om eens en voor al de rust en vrede in dat gedeelte van het district Zoutpansberg te verzekeren, waardoor de veiligheid van leven en eigendom der bevolking aldaar gewaarborgd wordt, aan het Krygsdepartement opdroeg.....", 'n kommando op te roep om Fort Schutte te verplaas na die dorpsplaas Rietvlei,<sup>82</sup> en om op die plek 'n dorp uit te lê, en ingeval van botsing met die oproerige kaffers, in die kortste moontlike tyd 'n mag van voldoende sterkte op te roep om die oproer te onderdruk, en so nodig vir goed 'n einde aan die toestand te maak.<sup>83</sup>

---

81. Idem.

82. Die plaas Rietvlei is vandag die dorpie Louis Trichardt. Vide Hoofstuk V.

83. R. 7057/99. Die opdrag van die regering aan die Komt.-genl. om met 'n kommando na die dist. Soutpansberg te gaan het waarskynlik mondeling geskied, aangesien dit nóg in die Volksraadsnotule, nóg in die Uitvoerende Raadsbesluite van daardie jaar gemeld is.

HOOFSTUK IV.DIE EKSPEDISIE VAN 1898

Nadat Kommandant-generaal P.J. Joubert op 13 Sept. 1898 bevele van die Uitvoerende Raad ontvang het, om met 'n kommando na Fort Schutte op te trek teneinde die fort na Rietvlei te verplaas, en handelend op te tree indien nodig, het hy dadelik die aanwesige kommandante te Pretoria byeens geroep om met hulle die toestand van sake te bespreek, asook die beste wyse om die stryd te voer. As 'n eerste stap word toe 850 Burgers opgeroep uit die distrikte Pretoria, Potchefstroom, Waterberg, Heidelberg en Standerton, en kort daarna nog 200 man uit die distrik Soutpansberg. Die Artillerie kry ook opdrag om met ruim 100 man op te ruk.<sup>1</sup> Intussen sou geen kaffer-kommando's opgeroep word nie, tensy oorlog werklik uitbreek. Slegs getroue en gehoorsame volk sou meegeneem word as leiers, drywers en veewagters.<sup>2</sup>

Die eerste taak van die Artillerie was die afbreek van die twee yster-forte te Klipdam

/en.....

- 
1. Vgl. (a) R. 7057/99, Rapport v. Komt.-genl. 1898. (b) K.G. 260 Brieweboek v. Komt.-genl., p. 366.
  2. K.G. 260, Brieweboek v. komt.-genl., p. 366.

en Fort Schutte, en die verplasing daarvan na Rietvlei. Die kommando's van Soutpansberg en Waterberg moes te Kalkbank verenig, en vandaar optrek na 'n punt suidwes van Magaliesberg (Ongeveer waar die ou dorp Schoemansdal geleë was). Hier moes hulle vertoef totdat hulle bevele sou ontvang om noordwaarts om die berge te beweeg.<sup>3</sup> Die ander opgekommandeerde burgers moes te Rietvlei bymekaarkom op 28 September.

Die Kommandant-generaal het op 8 Oktober persoonlik van Pretoria vertrek, en die 17de Oktober die Doornrivier oorgesteek. "Het doortrekken van de Doornrivier moet als een zeer belangryk tydstip in de geschiedenis van dezen oorlog aangemerkt worden."<sup>4</sup> M'pefu het hierdie rivier as sy suidelike grens beskou, en volgens hom sou die deurtog van die gewapende kommando's as 'n vyandelike daad beskou word wat slegs een motief kon hê: oorlog. "Het is dus niet te verwonderen dat de harten gespannen waren op den nu historischen 17den dag van October 1898". By die drif waar die kommando's

/moes.....

- 
3. Die doel was om, indien nodig, die vyand te omvleuel. - Vgl. (a) K.G. 260, Brieweboek v. Komt.-genl., p. 366. (b) Idem., p. 361.
  4. Vgl. (a) R. 7057/99. (b) K.G. 308, Kommandant-genl. Dagboek 17 Okt. 1898.

moes deurtrek het die opperhoof 'n mag geplaas, dog die kommando's het deurgetrek sonder om gemolesteer te word.<sup>5</sup>

Lucas, die tolk van M'pefu, het egter daar opgedaag met 'n boodskap van die opperhoof dat die Kommandant-generaal met vyf of ses burgers moes kom om hom te spreek. Daarna het die Komt.-genl. sy boodskapper, Karl Kekane, na M'pefu gestuur met 'n brief, waarin die generaal hom van die doel van hulle koms en die opdrag van die regering kennisgee, en die ver-lange uitspreek om hom (M'pefu) te ontmoet, teneinde alle sake, indien moontlik, in vrede af te handel.<sup>6</sup>

Terselfdertyd skryf genl. Joubert ook 'n brief aan die vernaamste Bawenda-kapteins,<sup>7</sup> nl. Tromp, Mahema, Matetsa, Gwalagwala, Sentimulu, Kutama en andere, waarin hy hulle van sy koms en opdrag verwittig, en verder 'n beroep op hulle doen om gehoorsaam te wees aan die regering en om die generaal in sy werksaamhede te ondersteun. Hy wys hulle op die vyandelike houding van M'pefu "(wie).....onschuldig bloed op onwettige wyse /((vergoet).....

- 
5. Vgl. (a) R. 7057/99. (b) K.G. 307, Telegram Kopieboek v. Komt.-genl.  
6. Idem. Vgl. ook R. 13716/98.  
7. Vide Bylaag II. Vgl. ook R. 7057/99.

(vergoot)....." Hy wys verder ook op lg. se weiering om belasting te betaal, en spreek die hoop uit dat hulle, die kapteins, in rus en vrede sou voortgaan. Die generaal wou natuurlik voorkom dat hierdie kapteins hulle aan die kant van die vyand skaar, want desnoende kon hy die taak van die republikeinse troepe aansienlik vergemaklik.<sup>8</sup>

Op die volgende dag het die kommando's verder marsjeer en hulle bestemming, Rietvlei, bereik,<sup>9</sup> terwyl die kaffers wat op die vlaktes woonagtig was hulle krale aan die brand gesteeke en die berge ingevlug het, nadat hulle al die gras aan die voet van die berg aan die brand gesteeke het, vermoedelik om te verhinder dat die Boere se perde weiveld het.

Dadelik is nou begin met die trek van 'n laer in die vorm van 'n vierkant en verskans met 'n klipmuur teen moontlike nagtelike aanvalle. Op die een hoek is 'n stewige fort uitgebou, waaruit 20 tot 30 man deur skietgate die vyand kon bestoek. Terselfdertyd het die vyand ook 'n skans gemaak, ongeveer 'n myl van

/die .....

---

8. Vgl. (a) THE STAR, 15 Okt. 1898. (b) K.G. 305, Telegram vanaf Fort-Schutte aan Staatspres.  
9. Idem.

die laer af.<sup>10</sup> Daarna het vir die volgende vier weke slegs patrollie-bedrywighede plaasgevind. Om hierdie rede het van die offisiere telkens hulle opwagting by die generaal gemaak en daarop aangedring dat 'n aanval op die kaffers gedoen moes word. Die generaal was egter nie haastig om op te tree nie, want hy was nog altyd besig om die saak op vreedsame wyse te probeer besleg, en indien sy pogings nie slaag nie moes hy wag op versterking voordat hy handelend kon optree.<sup>11</sup>

Intussen het Karl Kekane teruggekeer met die antwoord van M'pefu op Joubert se brief. Dit het 'n weiering ingehou om die generaal te kom sien en aan die bevele van die regering te voldoen.<sup>12</sup> Die opperhoof wou weereens hê dat generaal Joubert hom moes gaan sien, 'n verlange waaraan lg. onder die omstandighede nie kon voldoen nie. Met hierdie houding van M'pefu het die toestand nie gunstiger geword nie, "en de hoop om eene vreedzame regeling zoo goed als vervlogen."<sup>13</sup>

/Op.....

- 
10. R. 7057/99. Vgl. ook Genl. C.H. Muller: "Oorlogsherinneringe", p. 13.
  11. Idem.
  12. Volgens Perstelegram, K.G. 305, sou M'pefu gesê het: "If anybody calls a dog and expects it to come, he does not hold a whip in his hand."
  13. R. 7057/99.

Op die volgende dag is 'n Krygsraad-sitting gehou waar die toestande bespreek is. Die kommandant-generaal was van mening dat die kommando te klein en swak was om operasies te begin. Die regering word derhalwe gevra om nog 2,000 of 3,000 man uit verskillende distrikte te kommandeer. Die oproep het gelui dat die burgers so spoedig moontlik na die dist. Soutpansberg moes opruk.<sup>14</sup>

Alhoewel daar deur die antwoord van M'pefu op generaal Joubert se vorige brief weinig kans meer bestaan het, op enige vreedsame reëling van sake, wou die Komt.-genl. nietemin in belang van vrede nogmaals 'n poging aanwend om die opperhoof tot ander insigte te bring.<sup>15</sup> Op 20 Oktober stuur hy derhalwe opnuut 'n brief aan M'pefu,<sup>16</sup> waarin hy hom duidelik die toestand, soos deur hom geskep, uiteensit, nl. dat daar gedurig klorpe van sy volk uit die berge kom tot in die nabyheid van die laer, waar hulle dan geskikte posisies inneem as spioene, en "soorten forten maken het welk niet anders als een teeken en bewys van vyandelykheid kan en moet beschauwd /worden".

- 
14. K.G. 309. Krygsraadnotulen M'pefu Commando 1898.  
15. R. 7057/99.  
16. Vide Bylaag IV.

worden." Nogmaals is hom die geleentheid tot vreedsame oplossing aangebied, waarvan hy egter geen gebruik maak nie, want weer het hy weierend geantwoord,<sup>17</sup>

Die Generaal was 'n verstandige en bedaarde man, van godsdienstige inbors<sup>18</sup>, en daar kan gesê word dat hy alles in die werk gestel het om sake sonder bloedvergieting te reël. In sy hoop op 'n vreedsame oplossing, het hy hom egter misgis, want die opperhoof se ware bedoelings het reeds die volgende dag geblyk toe "een meest verraderlyke inval op ons lager (ge-) doen (is)."<sup>19</sup> Die kaffers het die laer van drie kante af aangeval, dog sodra die kanonne in werking begin tree, het, het hulle na alle oorde gevlug, en nie daarin geslaag om enige perde of vee met hulle mee te neem nie. Geen ongevalle onder die burgers was te betreur nie, maar tien of elf dooies onder die vyand het om die laer gelê, terwyl bloedspore in dierrigting van die berg aangetoon het, dat daar meer van hulle gewond was.<sup>20</sup>

/Hierna.....

---

17. Idem.  
18. MULLER, p. 14.  
19. R. 13714/98.  
20. Idem.

Hierna het die burgers op hulle perde gespring en die kaffers nog verder die berge ingedryf. Aangesien hulle spoedig die digte bosse bereik het, kon die sukses nie verder voortgesit word nie.<sup>21</sup>

Die oorlog kon hiermee as begin beskou word. Die kaffers was dus die eerste om tot die aanval oor te gaan, want genl. Joubert het tot dusver nog altyd 'n botsing probeer vermy. Hy het nou 'n brief aan die regering gerig waarin aangedring word, dat die versterking met die uiterste spoed aangestuur moes word.<sup>22</sup>

Die volgende dag laat M'pefu egter weet dat die aanval van die vorige dag nie met sy toestemming plaasgevind het nie. Watter waarde aan hierdie verklaring te heg was, blyk reeds die volgende dag toe daar ook 'n aanval op die Waterberg-Soutpansberg-laer naby Schoemansdal plaasvind. Ook hier was geen ongevallen onder die burgers te betreur nie.<sup>23</sup>

Dit alles tenspyt, het genl. Joubert die weg vir rekonsiliasie nog nie as gesluit

/beskou.....

---

21. R. 7057/99.  
22. K.G. 307. Telegram Kopieboek, 21.10.98.  
23. R. 7057/99. Vgl. ook R. 13716/98.  
Kommandante Potgieter en du Preez was hier in bevel.

beskou nie. Hy skryf self dat, na wat reeds gebeur het, "de zaken een ernstigen keer begonnen te nemen en had hy (M'pefu) het voor my onmogelyk ge maakt verdere consideratie met hem te gebruiken." Desnieteenstaande wend hy nog 'n laaste poging aan om die opperhoof oor te haal om van sienswyse te verander. Waarskynlik wou genl. Joubert met al hierdie korrespondensie die kaffers aan die lyntjie hou, sodat die burgers wat later opgeroep is, intussen kon opdaag. Ongetwyfeld het hy ook tyd nodig gehad om soveel moontlik van die bevriende kaffers oor te haal.<sup>24</sup>

M'pefu moes binne 24 uur op hierdie skrywe antwoord, en indien hy in gebreke bly om dit te doen, dan moes aangeneem word dat alle korrespondensie opgehou het, en "ik verplicht zal zyn de my door U toegeworpen handschoen op te nemen, en de gevolgen daarvan voor uwe rekening te doen zyn."<sup>25</sup>

Ook hierdie brief en uitnodiging is deur M'pefu in die wind geslaan. Hy het in sy

/aangenome.....

---

<sup>310</sup>  
24. K.G. Komt.-genl. Dagboek. Vgl. ook K.G. 307  
Telegram Kopieboek, 22.10.98.  
25. R. 7057/99.

aangenome houding van verzet en rebellie volhard, want op die oggend van 29 Okt. 1898, het 300 kaffers die Buys-stam aangeval, toe een van hulle, Simon Buys gedood is en 3 van die vyand die lewe gelaat het. In die nabyheid van Mashabas-kop, is twee waens aangeval, met die gevolg dat een kaffer wat by die wa was, en enige trekdieren doodgeskiet is, terwyl twee spanne trekdieren deur die vyand gebuit is.<sup>26</sup>

Die posisie van die burgers het stadig-aan verbeter. Op 31 Oktober was die hooflaer Rietvlei reeds telegrafies verbind met Pietersburg.<sup>27</sup> Tweehonderd kaffers onder komt. Wolmarans het veiligheidshalwe 'n muur om die laer gemaak.<sup>28</sup> Die opgekommandeerde burgers sowel as meer ammunisie en proviand het reeds teen die 12de November aangekom. 1500 Swasies is opgekommandeer, daar hulle dapper vegters was, en in hierdie geval ook goed te pas sou kom aangesien hulle geswore vyande van die Bawenda was. Verder het ongeveer dieselfde hoeveelheid Knopneuse onder komt. Wolmarans hulle aan die kant van die

/Boere.....

- 
26. Vgl. (a) R. 7057/99. (b) K.G. 307, Telegram Kopieboek, Komt.-genl.  
27. R. 14077/98.  
28. K.G. 310, Komt.-genl. Dagboek.

Boere geskaar, sodat daar 'n mag van ongeveer 4,000 burgers en 3,000 naturelle teen die vyand te staan gekom het, terwyl die vyand ongeveer 20,000 weerbare manne getel het.<sup>29</sup>

'n Proklamasie is deur die regering uitgevaardig waarvolgens naturelle gewapen met geweeers of asgaaie, en ongewapende naturelle in klompies van meer dan drie, nie toegelaat sou word om hulle te beweeg langs die paaie in die dist. Soutpansberg, en ten noorde van die Dwarsrivier nie.<sup>30</sup>

Op 5 Nov. is verkenningspatrollies in drie rigtings uitgestuur al langs die berge om die terrein te verken en verlate krale af te brand. 'n Brandwag van die vyand is al gou op die vlug gejaag nadat enige skote oor en weer afgeskiet is. 'n Tweede brandwag van die kaffers wat in 'n rotsagtige koppie was, vanwaar hulle hewig op die burgers gevuur het, is op die vlug gejaag nadat enige skote met die kanon op hulle afgeskiet is. Enige naturelle het in die slag gebly. Meer kon egter nie ge-

/doen.....

---

29. Vgl. (a) THE STAR, 4 Nov. 1898. (b) K.G. 307, Telegram Kopieboek, 20.10.98.  
30. Staatscourant Z.A. Republiek, 9 Nov. 1898.

doen word nie, want die mis het so toegetrek dat dit verdere krygsoperasies belemmer het.<sup>31</sup>

Sewassi het reeds 'n onderhoud gehad met genl. Joubert toe hy 4 slagbeeste as geskenk aan laasgenoemde gebring het. Daar is toe besluit dat Sewassi en Pafuri met al hulle weerbare manne sal optrek en posisie inneem tussen M'pefu se stat en die vesting Ramaputa, omdat gevrees is dat M'pefu daarheen sou vlug sodra hy uit sy hoofstat verjaag word.

Ramaputa is ook in kennis gestel om M'pefu uit te lewer ingeval hy daarheen vlug.<sup>32</sup>

Intussen het die vyand ook nie stil gesit nie. 'n Groot aanval het hulle volgens Bawenda-gewoonte vermy, maar aanvalle op klein skaal is gewaag op bevriende kaffers. Twee winkels van die heer Cooksley is afgebrand terwyl verskeie ander wonings vernietig is. Voortvlugtende kaffers het ook soveel graan as moontlik meegeneem, waarvan hulle baie in die berge versteek het. Verskeie ander kapteins is deur M'pefu gedwing om sy instruksies uit te

/voer.....

---

31. C.R. 5970/98.  
32. K.G. 307, Telegram Kopieboek, Komt.-genl.,  
15.11.98.

voer, en was dit vir hulle, uit vrees vir M'pefu, onmoontlik om 'n neutrale houding in te neem.<sup>33</sup> M'pefu het Chakomo, Malietsie, Matala en Lemondo beveel om hulle magte gereed te hou vir 'n aanval. Die kapteins Ravelle en Tromp het hulle aan die kant van M'pefu geskaar en 'n uiters vyandelike houding teen die Boere aangeneem.<sup>34</sup>

'n Aansienlike getal van M'pefu se kaffers was te Pisangkop, waar hulle goed verskans en goed gewapen was. Veldk. Kelly het hierdie kop bestorm, en die beste gedeelte van die berg was reeds in sy besit, toe hy moes terugval weens die feit dat daar geen versterking kon kom om die suksesse voort te sit nie. 30 Kaffers is gedood.<sup>35</sup>

Op die 12de Nov. 1898 is te Rietvlei 'n Krygsraadsitting gehou. Alle versterkings het reeds by die laer aangekom, en dit het nodig geword om 'n algemene aanval op die vyand te doen. Die inisiatief is in die hande van genl. Joubert gelaat, en daar is besluit dat 'n aanval

/op.....

- 
33. K.G. 308 Brief van genl. Joubert aan Luit. v. Polisie, Fort Schutte. Vgl. ook K.G. 305, Brief van Luit. v. Polisie, Fort Schutte, 25 Okt. 1898.
34. Vgl. (a) K.G. 305, Brief van Commissaris v. Naturelle Spelonken 18.10.98. (b) K.G. 305, Brief van Komt.-genl. aan regering, (c) R. 13716/98.
35. K.G. 305, Telegram van Veldk. Kelly aan Komt.-genl. 15.11.98. Vgl. ook Idem. 16.10.98.

op M'pefu se hoofstat op Woensdag die 16de Nov. sou plaasvind.<sup>36</sup>

Hierdie aanval kon heelwat moeilikhede oplewer. Genl. Joubert het gemeen dat daar 'n harde stryd sou voorlê alvorens die hoofstat geneem kon word. Die berge het bestaan uit kranse en bosse van ontsaglike afmetings, waarvan sommige plekke geheel ontoeganklik was. Verder moes die aanval so gereël word dat M'pefu nie geleentheid kon kry om te ontsnap nie.<sup>37</sup>

Op die 16de Nov. om 3 uur die oggend het die aanval plaasgevind: "een dag die voortaan in de geschiedenis van de Z.A. Republiek als een gedenkwaardigen dag zal kunnen genoemd worden, daar onze krygsmacht toen onder Gods zegen, de macht heeft gebroken van hem die zichzelf had genoemd 'De Leeuw van het Noorden'".<sup>38</sup> Die burgers het in drie rigtings dog in sewe afdelings uitgetrek, tenëinde die hoofstat van alle kante in te sluit. 'n Groot mag bestaande uit die burgers van Krugersdorp, Johannesburg, Potchefstroom, Lydenburg, Wakkerstroom en Ermelo, sowel as 700 Swasies en een battery van die

/Artillerie:.....

- 
36. K.G. 309, Krygsraadnotulen Comt.-Genl.,  
12 Nov. 1898.  
37. R. 13714/98.  
38. R. 7057/99.

Artillerie onder kaptein Wolmarans, het Noord-ooswaarts opgeruk. Van hierdie mag het die Oostelike flank (Krugersdorp en Johannesburg) verwoede teenstand ondervind.<sup>39</sup> Hulle kon derhalwe nie vorder tot by hulle aangewese posisie nie, en versterking onder komt. Erasmus moes hulle te hulp snel. Eers die volgende dag het hulle hulle bestemming bereik.<sup>40</sup>

Die burgers van Pretoria, Heidelberg en Standerton onder die persoonlike aanvoering van Komt.-genl. Joubert, het reg Noordwaarts op die hoofstat aangeruk. Hulle het in twee afdelings opgetrek, elk vergesel van 'n battery van die artillerie.<sup>41</sup>

Derdens, het die burgers van Waterberg, Soutpansberg, Carolina, Middelburg en Bethal onder komt. Joubert van Carolina as bevelvoerende offisier ook Noordwaarts opgeruk, maar meer Wes van die vorige afdeling.<sup>42</sup>

Ongeveer 9 uur die oggend was al die Burgers rondom M'pefu se hoofstat, behalwe die van Krugersdorp en Johannesburg, en omtrent 10.30 v.m. was die eerste burgers in die hoofstat

/Afgesien.....

- 
39. Idem. Theunis Bester van Krugersdorp het hier gesneuwel.  
40. Idem.  
41. Idem.  
42. Vgl. (a) K.G. 310, Dagboek Komt.-genl., 16 Nov. 1898, (b) K.G. 261, Brieweboek v. Komt.-genl., p. 121.

Afgesien van 'n paar gevegte het die burgers besonder vinnig gevorder. Die Artillerie met 'n paar goeie kanonne het hulleself hier onderskei. Genl. Joubert merk aan: "moeten (wy) erkennen dat God ons wonderbaarlyk heeft geholpen en beschermt daar zoo weinige van ons door het vyandelyke zwaard getroffen werden en de vyand zoo spoedig uit zyne verschanzungen vluchtte."<sup>43</sup>

Die taak van inname van die hoofstat was nog nie afgehandel nie, want die ontvlugte, verstrooide Bawenda-afdelings was nog nie uit die ondeurdringbare berge verdryf nie. Die uitgestrektheid, ruheid en ruigheid van die gebied sowel as 'n digte mis wat oor die berge toegesak het, het die kaffers meer as geleentheid verskaf om te ontkom of sig te verskuil.<sup>44</sup>

Vlugtende en vreesbevange meide en kinders is uit die bosse gehaal, hulle het meege-deel dat M'pefu hom verskuil in 'n grot agter die hoofstat. Hierop reagerende het die Komt.-genl. bevel gegee om die berg in soverre dit moontlik was in te sluit en op te pas, asook alle

/uitgangspaaie.....

- 
43. Vgl. (a) R. 7057/99, (b) R. 13714/98, (c) K.G. 261, Brieweboek v. Komt.-genl., p. 121. In hierdie gevegte is A.H. Auerswald gedood.  
44. Idem.

uitgangspaaie te bewaak teneinde te verhoed dat M'pefu ontkom. Om te verhoed dat die kaffers hulle sal skuilhou in grotte, is 'n lading dinamiet op 'n groot krans geplaas, en die krans is in die lug laat spring. Daar is juis vermoed dat M'pefu in hierdie grot mag wees. Dit was egter nie die geval nie, en na enige vrugtelose pogings om hom op te spoor, moes tot die gevolgtrekking gekom word dat hy reeds ontvlug het.<sup>45</sup>

Na die inname van die hoofstat het die uiters moeilike werk begin om die berge skoon te vee van vyande. Om aan hierdie eise te voldoen is patrollies weswaarts in die rigting van Mara gestuur. Alle leë krale is aan die brand gestee en groot hoeveelhede graan is buitgemaak.<sup>46</sup> Die vyand het weinig teenstand gebied. Kutama, 'n onder-kaptein van M'pefu, wat hom in 'n ruie plek skuilgehou het, het op die verbygaande burgers gevuur, dog hy is spoedig verdryf en 'n aantal van sy beeste gebuit.<sup>47</sup>

Van Mara af is die Generaal verder na die sendingstasie van Eerw. Hofmeyr. Daar het enige kapteins na die Kommandant-generaal gekom

/om.....

---

45. Idem.  
46. R. 7057/99.  
47. Idem.

om hulle oor te gee. Hiervandaan is hy terug na die hooflaer waar nog 'n paar kapteins waaronder Seakamella, hulleself kom oorgee het.<sup>48</sup>

Volgens 'n mededeling van die kaptein Sewassi sou M'pefu hom skuilhou te Ramaputa in die nabyheid van Sewassi se kraal.<sup>49</sup> Sewassi was gewillig om die opperhoof te gaan aanval as die Generaal hom 'n paar manne gee as aanvoerdere.<sup>50</sup> By die Krygsraadsitting wat op 23 Nov. plaasgevind het, is die saak bespreek en daar is besluit om die volgende dag op te ruk in die rigting van Ramaputa, welke vyandelike vesting aangedui word as die skuilplek van M'pefu. Sodra hulle gereed is sou meer burgers in daardie rigting optrek.<sup>51</sup>

"Ramaputa is an impregnable natural stronghold, well watered and stocked with grain, and may be looked upon as one of the most formidable positions that the burgher forces have ever had to attack".<sup>52</sup> Dit was geleë op die grens tussen die gebied van M'pefu en die van Sewassi.

Hierdie veldtog is belemmer deur die swaar reëns wat vir enige dae lank uitgesak het.

/Die.....

- 
48. Idem. Vgl. ook K.G. 310, Dagboek Commandant Generaal.  
49. THE STAR, 25 Okt. 1898.  
50. K.G. 305. Brief van sendeling Beuster aan Komt.-genl.  
51. Vgl. (a) K.G. 309, Krygsraadnotulen, Comt.-genl., 23.11.98. (b) C.R. 6510/98.  
52. THE STAR, 25 Okt. 1898.

Die kaffers onder Sewassi en Pafuri is beveel om te keer dat M'pefu en Tromp (wat volgens berigte ook in die skuilplaas was) ontvlug, terwyl die kommando's en Artillerie tot die geveg oorgegaan het. Die kanonne was van goeie kaliber en het onskatbare dienste in hierdie veldtog verrig. Die Knopneuse en veral die Swasies het hulle ook in hierdie geveg onderskei. Laasgenoemde het in die ruie bosse dikwels met die vyand handgemeen geraak.<sup>53</sup>

Die aanval was 'n gewaagde onderneming, maar van die vyand is veel gedood en talle van beeste, skape en bokke is buitgemaak. Die vyand is uit die vesting verdryf en agtervolg in die rigting van die Krokodil-rivier (Limpopo). As die burgers daar langer kon vertoef, en die vyand verder kon agtervolg, sou M'pefu miskien in die hande van die Boere geval het. Soos die toestand ewe-wel was, was dit egter nie gerade om verder te gaan nie, met die oog op die vergevorderde jaargety, waardeur die gesondheid van mense en diere in gevaar gebring sou word. Die terrein waarheen die vlugtelinge beweeg het, het binne

/die.....

---

53. R. 7057/99. Vgl. ook K.G. 310, Komt.-genl. Dagboek. 250 van die vyand is hier gedood. Die aanval is onderneem deur ongeveer 1000 burgers, 5 kanonne, 600 Swasies en 'n paar honderd ander kaffers.

die Malaria-streek gelê, en liewer as om aan hierdie gevaar blootgestel te word, het die Boere na die hooflaer teruggekeer waar hulle op die 2de Desember aangekom het. <sup>54</sup>

Die Krygsraad het reeds met sy vorige sitting besluit om die krygsmag gedeeltelik te ontbind en die burgers wat eerste opgeroep is, na huis te stuur. <sup>55</sup>

Alhoewel M'pefu en Tromp nie gevang is nie, het hierdie ekspedisie tog 'n groot invloed op die hele naturelle-bevolking van die Soutpansberg gehad. Na hierdie tog het die kapteins Limondo, Matsibandella, Thsianda, Ravella en Ramaputa hulle kom oorgee. <sup>56</sup>

By die hooflaer het die Komt.-genl. enige sake gereël, bevele nagelaat, en self na Pretoria vertrek met die doel om die saak verder mondeling met die regering te bespreek, veral met betrekking tot stappe wat geneem moes word om rus en vrede in die pas onderworpe streek te verseker. <sup>57</sup>

54. Idem. Vgl. ook K.G. 307, Telegram Kopieboek v. Komt.-genl.  
55. K.G. 309, Krygsraadnotulen Comt. Genl., 23 Nov. 1898.  
56. Vgl. (a) R. 7057/99  
57. Idem.

HOOFSTUK V.DIE ONDERWERPING VAN DIE BAWENDA EN DIE  
REGLING NA AFLOOP VAN DIE OORLOG.

Toe Kommandant-generaal Piet Joubert op 8 Desember 1898 die hooflaer te Rietvlei verlaat het, het hy kommandant S.P. Trichardt in sy plek aangestel om te "handel, en op te tree om te doen en te bevelen zooals ik zelf zou of moge en moeten doen....". Hy moes toesien dat die forte in 'n behoorlike toestand gebring word, om uitvoering te gee aan die voorgestelde doel daarvan en om steeds te patroleer en te waak teen lis of aanvalle van die vyand.<sup>1</sup>

Die vyandelike mag was reeds gebreek, en dit was nou nodig om eerstens, die Bawenda geheel en al te onderwerp en M'pefu indien moontlik op te spoor; tweedens, om forte te beman, en derdens, om die gebied te laat bewoon deur blankes.

Die meeste van die onder-kapteins van M'pefu het hulle reeds oorgegee, en vir die geringe teenstand wat komt. Trichardt nog mog

/ondervind.....

---

1. K.G. 308, Brief van Komt.-genl. aan S.P. Trichardt.

ondervind, het genl. Joubert 'n gedeelte van die artillerie en 100 burgers uit die dist. Soutpansberg onder kommandant du Preez, sowel as 100 vrywilligers onder komt. P. Botha agtergelaat.<sup>2</sup> Die polisie, tot dusver te Fort Schutte gestasioneer, is verplaas na Rietvlei.<sup>3</sup>

'n Nuwe fort (fort Botha genoem)<sup>4</sup> is op 'n strategies geleë posisie bo in die berg naby M'pefu se verlate stat geplaas, om te verhinder dat die opperhoof dalk na sy hoofstat terugkeer sodra die Boeremagte vertrek het. Hier is voorsiening gemaak vir stalle vir 100 perde en 'n kaserne vir 100 man.<sup>5</sup>

Die orige kommando's het reeds teen die middel van Desember na huis vertrek, en die agtergeblewe burgers moes intussen in tente woon totdat die fort klaar was.<sup>6</sup>

'n Aantel Knopneuse onder komt. Wolmarans sou koring en mielies uit die berge haal wat deur die kaffers daar agtergelaat of versteek is.<sup>7</sup>

/Teen.....

---

2. R. 7057/99

3. Idem.

4. Die naam van die fort is genoem na komt. P. Botha omdat hy met die 100 man daar gestasioneer is.

5. C.R. 257/99, by R 14336/98. Vgl. ook K.G. 307, Brief van Komt.-genl. aan Staat-sekretaris.

6. Idem.

7. C.R. 6989/98.

Teen die 19de Desember het klompe-  
klompe van die verslane Bawenda-reste onder  
hulle kapteins oor die Limpopo getrek waar  
hulle deur die Rhodesiese Polisie ontwapen is.<sup>8</sup>

Van M'pefu se posisie kon ~~niks~~ verneem  
word nie. Daar is egter berig dat daar op die  
aand van 15 Desember deur hom 'n groot vergadering  
êrens in die Soutpansberge belê is.<sup>9</sup> Toe hy  
verneem dat sy onderdane wat die Limpopo oorgevlug  
het deur die Engelse ontwapen is, het hy geant-  
woord dat sy hele saak nou verlore was, en dat hy  
geen hoop meer het nie. In vertwyfeling het hy  
sy onder-kapteins, daar teenwoordig, beveel om te  
doen wat hulle verkies. Hy self sou êrens heen  
vlug: waarheen kon hy nog nie vasstel nie.  
Verder is berig dat M'pefu twee keer sou getrag  
het om selfmoord te pleeg. Van die kaffers sou  
hom egter ontwapen en die geweer weggesteek het.<sup>10</sup>  
Dieselfde nag het M'pefu spoorloos verdwyn, maar  
vermoed was, dat hy ook sy vlug voortgesit het in  
die rigting van die Limpopo.<sup>11</sup>

/Trichardt.....

- 
8. C.R. 7132/98.  
9. Idem.  
10. C.R. 7132/98. Hierdie berig is deur kaffers  
oorgedra, en die waarheid daarvan kan nóg  
bevestig nóg ontken word.  
11. Idem.

Trichardt het hierna met 'n Swasie-troepemag die berge Suid van die Limpopo begin deursoek om homself te oortuig of M'pefu werklik ontvlug het.<sup>12</sup> Spioene het die Kommandant toe kom berig dat M'pefu reeds oor die Limpopo was.<sup>13</sup>

Die kaffers te Sandrivierspoort het hulle by komt. Trichardt gaan oorgee, terwyl 'n paar kleiner kapteintjies met dieselfde doel ook hulle opwagting by die Kommandant gemaak het.<sup>14</sup>

Kutama, een van die groter kapteins, het hom nog altyd met 'n gewapende mag in 'n grot skuilgehou. Met sy geringe aantal burgers wou komt. Trichardt dit nie waag om hom in sy vesting te gaan aanval nie. Hy probeer derhalwe vir Kutama oorreed om hom te kom oorgee. Die kaptein was eers bevrees dog het later uitgekom.<sup>15</sup>

Intussen het meer kaffers voortdurend uit die berge gekom en hulle oorgegee. Nadat ook Machaba in die hande van die burgers geval het, is van die vernaamste belhamels, waaronder Kutama en 21 indunas<sup>16</sup> van M'pefu, vergesel van 20 man

/na.....

- 
12. C.R. 7177/99.  
13. C.R. 7164/99.  
14. C.R. 7212/98. Vgl. THE STAR, 22 Des. 1898.  
15. C.R. 7232/98.  
16. Hulle is intussen deur Trichardt gevang en in die laer bewaak. Vgl. C.R. 3/99 asook C.R. 7334/98.

na Piet Potgietersrust gestuur, vanwaar hulle per trein na Pretoria versend is sodat daar besluit kon word wat om met hulle te doen.<sup>17</sup>

Dit is nou noodsaaklik beskou om die vervoer van graan wat uit die berge gehaal is voorlopig geheel en al te staak, want die kaffers wat uit die berge kom, was sonder voedsel en voorsiening moes vir hulle gemaak word.<sup>18</sup> Die uithaal en vervoer van mielies deur privaat persone is ook belet, daar sommige persone van die geleentheid skandelik misbruik gemaak het, om duisende sakke mielies en koring te verduister.<sup>19</sup> Daaglik was waens vol gelaai van graan na die Suide vertrek waarvan die regering geen enkele sak tesien gekry het nie.<sup>20</sup>

Die uitgawe verbonde aan die oorlog het teen 14 Feb. 1899 reeds byna £107,000 beloop, terwyl in Maart 'n ander £50,000 getrek moes word om verdere skulde te dek.<sup>21</sup> Hierdie uitgawes was betreklik hoog. Die Komt.-genl. merk aan: "Het is zeer te betreuren en het spyt my zeer dat de uitgaven en onkosten van het Commando zoo boven

/alle.....

- 
17. C.R. 41/99.  
18. C.R. 7279/98.  
19. C.R. 7233/98.  
20. Idem.  
21. K.G. 315. Komt.-genl., Kassaboek.

alle redelyke verwachting groot zyn".<sup>22</sup> 'n Oorlogsbelasting is derhalwe gehef.<sup>23</sup> Persone wat krygsdiens gedoen het, was nie onderhewig aan hierdie belasting nie.<sup>24</sup>

Alhoewel M'pefu nie gevange geneem is nie,<sup>25</sup> was die werk van die Kommando's nou afgehandel, en die boere kon na hulle plase terugkeer en hulle grond bewoon.<sup>26</sup>

Een van die oorspronklike doeleindes van die regering met die ekspedisie van 1898 was om op 'n geskikte plek 'n dorp te gaan uitlê. So lui die opdrag aan Komt.-genl. Joubert op 13 Sept. 1898 dan ook.<sup>27</sup> Nadat Schoemansdal reeds vir etlike jare prysgegee is, is die behoefte gevoel aan 'n beskawingsentrum in die uitgestrekte Soutpansbergse gebied. So'n dorpie sou ook meewerk om te belet dat oproerige kaffers hulle gebiede verlaat met die doel om roof en moord te pleeg.<sup>28</sup>

Kort na die aankoms van die Kommando's te Rietvlei het die Komt.-genl. aan die regering

/gerapporteer.....

- 
22. R. 7057/99, Rapport van Komt.-genl. 1898.  
23. In terme van Wet No. 24 van 1896.  
24. Joubert-kolleksie, p. 246.  
25. M'pefu het na Rhodesië die wyk geneem.  
26. R. 7057/99. Die stryd het derhalwe maar ongeveer 2 maande geduur, d.w.s. ongeveer vanaf middel Oktober 1898 tot die helfte van Des. 1898 toe die meeste kommando's na huis terug is.  
27. R. 7057/99. Die Uitvoerende Raad het besluit om daar 'n fort te laat oprig en dit permanent te laat beman, soos die geval vir jare met Fort Schutte was. Vide: U.V.R. 1898, Art. 1190. Outorisasie om 'n dorp uit te lê te Rietvlei het geskied volgens Art. 1163, Uitv. Raad 1898.  
28. R. 13714a/98.

gerapporteer<sup>29</sup> dat die grond, water en geleentheid vir die aanlê van 'n dorp niks tewense oorlaat nie. Hy verklaar verder dat eers wanneer hier 'n sterk bewoonde dorp is, die beskawing sou pos vat, dog voor die tyd nie.<sup>30</sup>

Vir 'n hele aantal jare voor 1898 was daar al sprake van 'n dorp op die regeringsplaas Rietvlei, en die Kommandant-generaal meld in 'n skrywe aan die regering<sup>31</sup> op 1 Desember 1898, dat elkeen sal moet erken dat die aangewese plek baie geskik is vir die doel. Dit is geleë tussen twee bergstrome aan die voet van die berg. Van die omgewing sê gnl. Joubert dat dit 'n pragtige landstreek is, en dat, alhoewel daar nie enige soort perd of vee leef nie, die gebied uiters geskik is vir graan- en tuinbou. Die grond is van die vrugbaarste, en as dit vir okkupasie oopgestel word, duisende arm mense daar 'n goeie bestaan sal kan maak, en die graanopbrengs kan moontlik die konsumpsie van die hele Republiek oortref.<sup>32</sup>

/Die.....

---

29. Idem.

30. Idem.

31. R. 14336/98.

32. R. 14336/98. Vgl. hiermee FLYGARE,  
p. 15.

Die regering het enige versoekskrifte<sup>33</sup> onderteken deur 'n aantal offisiere en burgers vanuit die hooflaer Rietvlei ontvang, waarin hulle 'n ernstige en beleefde versoek rig om die plaas Rietvlei te vernoem na die stoere voortrekker, Louis Trichardt.<sup>34</sup> Hulle beweer verder dat Louis Trichardt op dieselfde plaas vir 'n tydlank gewoon het, en daar bome geplant het wat toe (1898) nog daar gestaan het.

Die regering het de halwe kragtens 'n proklamasie van 22 Feb. 1899 die dorpie na Louis Trichardt vernoem. 1500 Erwe sou uitgemeet word, terwyl grond uitgehou is vir 'n kerk en skool.<sup>35</sup>

Hierna is instruksies gegee aan die Landmeter-generaal vir die uitmeting van 'n watervoor na die dorp sowel as 'n voorlopige 1,000 erwe. 'n Persoon sou nie geregtig wees op meer as twee erwe nie, tensy hy dit okkupeer.<sup>36</sup>

Die uitlê van die erwe sowel as die watervoor moes bespoed word, sodat privaat persone hulle dienste geredelik aangebied het.<sup>37</sup>

/Op.....

---

33. Vgl. (a) BYLAAG V, R. 11793/99. (b) R. 15293/98.

34. BYLAAG V.

Genl. Chris Muller vertel in sy "Herinneringe... . . . .", p. 16, dat op die dag van die inname van die hoofstat kol. S.P. Trichardt, ('n kleinseun van Louis Trichardt) aan Komt.-genl. Joubert 'n versoek gerig dat die dorpie die naam van sy grootvader moes dra.

35. Vgl. (a) Staatscourant, 22 Feb. 1899. (b) Uitv. Raadsbesluit, Art. 168, dd. 13 Feb. 1899.

36. R. 11793/99. Vgl. ook R. 15293/98.

37. Vgl. (a) R. 15293/98 in R. 11793/99. (b) R. 15293/98. Komt. Trichardt het, terwyl hy in Soutpansberg aageer het die naam Rietvlei vir 'n tydjie verander in Fort Hendrina. Vgl. ook R. 2598/99.



Op hierdie wyse het die veelbelowende dorpie Louis Trichardt tot stand gekom. Die omstandighede<sup>38</sup> van die tyd het dit meegebring. Die 1898 ekspedisie was agter die rug en die oomblik is geleë geag vir so'n stap.

Om verdere onluste in die toekoms te voorkom moes die Bawenda-gebied verdeel word in lokasies. Dit kon egter eers geskied na die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. 'n Groot gedeelte van die gebied is oopgesit vir blanke nedersetting.<sup>39</sup>

Ook M'pefu het na afloop van die oorlog na Transvaal teruggekeer.<sup>40</sup> Hy was van plan om sy vroeëre natuurlike vesting weer te gaan beset, maar die Britse bewind het hom 'n lokasie verder na die Noorde toe aangebied.<sup>41</sup> Die hele Bawenda-stam is verdeel tussen die drie broers Sentimulu, Kutama en M'pefu. Hulle was geheel onafhanklik van mekaar, en onluste het nie weer gevolg nie.<sup>42</sup>

- 
38. Die Bawenda was verslaan, en Louis Trichardt, wat Schoemansdal moes vervang sou in die toekoms 'n waaksame oog oor die kaffers moes hou. Vgl. Rapport v. Komt.-genl. 1898.
39. STAYT, p. 19.  
Sien ook kaart op bl. 78. Op die kaart word die verskillende lokasies aangetoon, sowel as gebiede bestem vir plase en blanke nedersetting.
40. STAYT, p. 16. Gedurende M'pefu se afwesigheid is Sentimulu erken as opperhoof.
41. Vgl. (a) MUNNIK, p. 135. (b) STAYT, p. 16. Kaart op bl. 78 toon die posisie van M'pefu se lokasie aan.
42. STAYT, p. 16. M'pefu is in 1924 oorlede.

BYLAAG I.

CIRCULAIRE AAN COMMISSARISSEN EN ONDER-  
COMMISSARISSEN VAN NATURELLEN EN LAND-  
DROSTEN IN DISTRICTEN WAAR GEENE COM-  
MISSARISSEN ZYN.

Kantoor van den Supt. van Naturellen,  
PRETORIA,

15 Februari 1898.

WelEd. Heer,

Nademaal de EdAchtb. Eerste Volksraad in hare zitting over 1897 te kennen heeft gegeven, dat alle Naturellen-belastingen zoo stipt mogelyk moeten ingevorderd worden en dat geen belasting achterstallig mag blyven, en aangezien het my blykt dat ook over het jaar 1897 veel belasting achterstallig is gebleven, draag ik U mits dezen op om de Naturellen-belastingen over 1898, voornamelyk de £2. hoofdbelasting, alsook de achterstallig gebleven belasting, zoo stipt mogelyk in te vorderen.

Ik heb de eer te zyn,

Uw. dw. dienaar,

(w.g.) P.A. CRONJE,

SUPT. VAN NATURELLEN.

BRON: Volksraadsnotule 1898, p. 488.

BYLAAG II.BRIEF VAN KOMMANDANT-GENERAAL AAN ENIGE  
BAWENDA KAPTEINS.

Kamp naby Rietvlei,

17 October 1898.

VAN: Commandant-generaal,  
P.J. JOUBERT.

Groetenis aan alle bevriende kaffer-  
hoofden, kapiteins en volk, die nog steeds  
getrouw en gehoorzaam aan de wetten en aan het  
Gouvernement zyn gebleven. Ik doe nu weten aan  
kapitein Tromp, Mahema, Matetsa, Gwalagwala,  
Sentumula, Kutama en anderen, dat door de brutale  
en onvrede levende houding en handelingen van  
M'pefu de HEd. Regeering gedwongen en genoodzaakt  
werd om my naar hier te zenden om alle klachten  
tegen hem, M'pefu, te onderzoeken, zooals julle  
allen zullen weten, zoolang als de kapitein  
Magato geleefd heeft, heeft hy altoos de belasting  
betaald en aan de orders van het Gouvernement  
voldaan, en daar was geen oorlog of Commando al  
den tyd van kapitein Magato; maar nu Magato dood  
is, heeft M'pefu niet gewacht totdat de HEd.  
Regeering van het volk van Magato gehoord had  
wie of de kapitein moest worden, en zodoende de  
vrede onder het volk bewaard, neen hy, M'pefu

2/maakte.....

maakte  
/hemzelf kapitein, riep een Commando, vergoot  
onschuldig bloed op onwettige wyze en ging van  
toen af voort het Gouvernement te miskennen, te  
trotseeren en zich meer en meer onwettige gezag  
toe te eigenen, in het district Zoutpansberg, en  
zodoende de Zuid Afrikaansche Republiek te  
verontrusten, en ten laatste Commandos met aller-  
lei dreigementen uit te zenden om onwettige  
belasting in te vorderen en te weigeren om zelf  
belasting aan het Gouvernement te betalen en  
anderen te beletten om aan de wetten te voldoen.  
Om zulke en meer ernstige klachten tegen M'pefu  
te onderzoeken ben ik door de HEd. Regeering naar  
hier gezonden, en nu, ik ben hier. Ik wil niet  
aan U allen of aan het volk kwaad doen. Ik wil  
hebben dat U allen, dat al het volk in rust en  
vrede zullen wonen, maar M'pefu moet zich komen  
verantwoorden, en gy allen die onschuldig zyt en  
die getrouw aan de wetten en de orders willen  
blyven, moeten nu vooruit komen en het Gouverne-  
ment door my helpen en in staat stellen om de  
wetten te handhaven, vandaag is het nog tyd, van-  
daag kunt gy het nog doen om U zelven en uw volk  
te redden en niet om het kwaad van een onnut, van  
een kwaaddoener, het gansche volk, het gansche  
land in oorlog en bloedbad te brengen. Daarom  
waarschuw ik U allen en roep U op om my te helpen  
om M'pefu tot verantwoording te brengen. Ik en  
myne mannen zullen bescherming geven aan alle

/gehoorzame.....

gehoorzame en getrouwe volk. Daarom luistert nu zoolang er nog tyd is om te gehoorzamen. Als MPefu eerst het vuur in brand gemaakt heeft dan weet ik en dan weet ook gy niet hoe lang het zal duren om het dood te slaan, daarom hoor naar myn raad en breng MPefu hier voor, en als hy onschuldig is dan waarborg ik u dat hem geen kwaad gedaan zal worden, maar laat hem komen met vrede of geweld.

Ik heb alles gezegd en zal nu zien wat gy allen en MPefu doen zullen. Ik wacht u antwoord en voldoening af.

De Commandant-Generaal,

P. J. JOUBERT.

BRON: R. 7057/99, Rapport van Kommandant-Generaal 1898.

BYLAAG III.

ACTING BRITISH AGENT, PRETORIA, TO THE  
HIGH COMMISSIONER, CAPE TOWN.

Her Majesty's Agency,  
PRETORIA,

October 6, 1898.

Sir,

With reference to Your Excellency's despatch of August 5th., enclosing copy of the Secretary of States despatch of July 2nd., with the declaration of the Portuguese Government as to Portuguese Treaty Rights in the matter of commandeering for military service in the Transvaal. I have the honour to inform Your Excellency that commandeering has taken place for ten days past, both in Pretoria and other districts of the Transvaal, for an expedition against the native chief M'pefu, the head chief of what is known as "Magato's Country", in the northern portion of the South African Republic, close to the frontier of Rhodesia. It appears from what the State Secretary has told me that M'pefu has for years past assumed a bellicose attitude during the summer months, when he has supposed that the unhealthiness of the low lying parts of his country

/would.....

would render a Boer expedition impossible. In connection with a recent demand on the part of some Boer officials for the payment of hut-tax by part of his tribe, M'pefu not only ordered his people not to pay, but sent an answer to the Government's remonstrances to the effect that he intended collecting hut-tax on his own account, and that in any case he recognised no white man's right to collect taxes in his country, nor even to exercise any authority over him at all. As M'pefu's country has always been regarded as included within the boundaries of the South African Republic, as, indeed, it is according to the Convention of 1884, the Government, in spite of the unhealthy season, have determined to send up about one thousand burghers and State Artillery, with instructions to build a fort on the confines of M'pefu's country, and to oppose an armed resistance to any attacks which M'pefu may make upon the expedition.

In preparation for this expedition a commando was ordered by the Government in various districts, and a number of British subjects, both white and coloured persons, appealed to me whether they could be protected in the event of their refusing to serve, or to furnish requisitions either in money or in kind, such as horses, saddles, grain and oxen.

I have, & C.,

EDMUND FRASER.  
K.C.B.

His Excellency,  
Sir Alfred Milner, G.C.M.G.  
&c., &c., &c.

BRON: Britse Blouboek, C. 9345, p. 80-81.

BYLAAG IV.BRIEF VAN KOMMANDANT-GENERAAL AAN M'PEFU.

Kamp Rietvlei,

20 October 1898.

Kapitein M'Pefu,

Ik ben thans hier te Rietvlei om de orders van de HEd. Regeering uit te voeren. In mynen brief van 18 dezer of eergisteren, heb ik u op een aller vriendelyke wyze met myne instructies en orders bekend gemaakt en U vriendelyk uitgenodigd om my te komen zien en alles op vriendelyke manier recht te maken. Ik had daarop gewacht tot nu toe doch alles te vergeefs. Het komt my nu voor als of U niet de vrede verlangt. Ik moet U nu voor het laatste maal oproepen om my hier te komen zien en zoo U blyft volharden in uwe aangenomen houding en weigert, dan verwerp ik alle verantwoordelykheid die daaruit geboren worden en zal uwe weigering moeten aannemen als dat van eenen ongehoorzamen Rebel en opstandeling, en ten laatste moet ik U nog mede deelen dat het volk die door U of uwe houding in de bergen gevlucht zyn en alle kralen ledig achter gelaten hebben. Indien zy met hunne familiën onmiddellyk terugkeeren naar hunne kralen, zy dan geen verhaal zullen hebben op het geen zy alzoo aan verwaarloosing prys

/hebben.....

hebben gegeven. Dan moet ik U nog melden dat er gedurig klompen volk van uit die bergen komen tot in de nabyheid van myn lager en waar myn lager's vee weiden, al waar zy dan koppies of plekken als spioenen innemen en soorten forten maken het welk niet anders als een teeken en bewys van vyandelykheid kan en moet beschaud worden. As gy dat niet dadelyk aan uw volk belet en daar door eene botzing komt, zal ik niet anders kunnen dan U daarvoor verantwoordelyk houden. Nu M'pefu! Ik acht dat ik voor het laatste myn uiterste plicht en best gedaan heb om een groote kwaad te voorkomen, het ligt nu aan U of U die vrede wilt of niet. Ik zal uw spoedige antwoord afwachten.

Ik ben de Commandant Generaal,  
P. J. JOUBERT.

BRON: L.G. 308, Brief van Komt.-genl. Joubert  
aan M'pefu, 20 Okt. 1898.

BYLAAG V.

VERSOEKSKRIF VAN OFFISIERS EN BURGERS  
AAN KOMMANDANT-GENERAAL.

Hooflaer Rietvallei,

6 - 12 - 98.

AAN: ZEd. Gestr.,  
Commandant Generaal,  
Alhier.

Wel Edel Gest. Heer,

De ondergetekenden allen officieren en Burgers der Z.A. Republiek komen tot U Ed G met een ernstig doch beleefd versoek nl. Om de plaats Rietvallei welke tot een dorp geproclameerd is de naam te geven van Louis Trichardt.

Ondergetekenden verzocht dit omrede, dat in 1832 (SIC !) de Heer Louis Trichardt het eerst in Soutpansberg aankwam en hier 18 maanden vertoefde om koorn te winnen voor hy naar Delagoa baai vertrok.

Dat v.n. Heer juist op de plaats Rietvallei gewoond heeft en de nog aanwezige boomen door hem zyn geplant. Dat voor de nog aanwezige nazaten van voornoemde Louis Trichardt

/het.....

het een aangenaam gevoel zal zyn indien ze daarin moge zien, dat zulk een der eerste voortrekkers door het nageslacht in deze ge-eerd en zyne nagedachtenis bewaard blyft.

Wy hebben met de meeste eerbied de eer te zyn.

(Get.) Comt. C.E. Fourie  
" M.J. Wolmarans  
" D.J. Joubert  
" J.A. Muller  
" C.J. Joubert  
" J.A. Joubert  
Veldc. W.H. Versfeld  
" G.J. Boshoff  
" A.J. Boshoff  
" P.E. Trichardt  
" F.D. Rousseau  
" F. Lindeque  
" ? Cronje  
" J.H. de Kock  
" A. Bekker  
" J.P. Kirstein.

BRON: R. 16718/98 in R. 11793/99.